# LEKKER IS ’N VINGER LANK!

`n Grapperige konsert in `n paar bedrywe
deur

PIENKES DU PLESSIS

# Persone

| | |
|---|---|
| Die Poortwag: | Baas van Heksrivier se Poort, breedsprakig, bruin. |
| Dr. Kilian Kurtze: | `n Propperse kultuurprater, wit. |
| Gerard Vand-Ernest: | Stereotipies gay, wit. |
| Herklaas Benade: | `n Boerse kerel, wit. |
| Cherie: | `n Heerlike tert, wit. |
| Gasvrou: | Elegante dame, stywenek, prim en propper, wit. |
| Slawedrywer: | Tipiese karakter uit antieke tye, swart of bruin of wit. |
| Klerk: | Stil soos `n muis, beskeie, liefs bruin. |
| Bodes: | `n Hy of `n Sy kom en gaan maar so kort-kort |

PLEK: DIE POORT BY HEKSRIVIERBERG

TYD: HUIDIGE

WAARSKUWING: Aard van stuk soms oordrewe klugtig en politiek inkorrek.

DIE VERHOOGPUNTE IS SOOS VOLG:

1. Die denkbeeldige afgrond ter helle van die Kolekamer. Waarskynlik heel links.
2. Ingang na die wagkamer. Die aankomelinge kom hierdeur op die verhoog.
3. Die toonbankgedeelte tussen die wagkamer en die Poortwag se kantoor.
4. Die Poortwag se kantoorgedeelte self. Die Sekretaresse/Klerk sit hier.
5. Die poort na die Paradyskloof toe. Dalk heel regs.

# EERSTE BEDRYF: INBOEK

*Die Poortwag sit aan sy kant van die afskorting en dr. Kilian Kurtze aan die wagkamerkant. Kilian hou styf aan sy rosekrans vas, eintlik omdat dit al is wat hy het, en die Poortwag wink met sy voorvinger om die rosekrans in die hande te kry. Hy is bruin en by praat Kaaps, maar die idee is nie om sy dialoog so outentiek te maak dat dit grotendeels ontoeganklik vir nie-Kapenaars is nie. As lid van die Personeel dra by permanent `n groen rosekrans, iets soos `n sweetband om sy kop. In hierdie teks praat die Poortwag soms standaard Afrikaans, maar meestal Kaaps.*

POORTWAG Toenoumaar, toenoumaar.... Dis net die I.D. wat ek soek.

KILIAN Drie-vyf-trippel een, vyf -nul-ses-

POORTWAG Dissie `n ID daai wat ek soekkie. Dissie nou electiontyd nie en ook nog koswhy ons vattie Ou Suid-Afrika se nommers en credentials hier nie. Strictly post-apartheid hieso.

KILIAN Maar ek het net die een ID, en dis die een op my persoonskaart wat ek nog al die-

POORTWAG Draai maar net daai halo so skeins lat ek kan sien wats da-

KILIAN Net op `n punt van orde.. ! Eers `n paar antwoorde op `n paar vrae. Wie is u? En waar is ek? Ek kan my gladnie aan hierdie omgewing herinner nie. Mag ek ook vra wat doen ek met hierdie rosekrans? Heel interessante ontwerp, moet ek byvoeg.

POORTWAG Vir starters. Dissie Heksrivierberg se Poort hierie. En ek pas hom op dat vannie vrouslaters en sypers en loufers en anner verkeerdes nie dalk hier inslip Kloof toe nie. Dis wa die groenigheide en lekkergeide en mooiegeide die heeltyd is....! Dis net hier waar ek vir hulle afkeer Kolekamer toe da diekant. Eintlik my specialty, die Kolekamer. Die Kloof meddie lekkergeide issie eintlik my scene nie. Daar's te min ordentlikes wat qualify.

KILIAN Op die aarde! Wat doen ek tog hier? Daar is my praktyk wat wag en ek het hoevele hoogs belangrike samesprekings met top amptenare oor hoogs gewigtige aangeleenthede, die aard waarvan ek uiteraard nie in `n posisie is om met andere to bespreek nie. *(Meerderwaardig)* U begryp tog...?

POORTWAG (*Pouse, bekyk Kilian meewarig op en af)*

As ek jou so sit en lyster, lyk dit my dissie ek wat sikkel om iets in sy kop te kry nie. As jy nou daai halo so kyk, hoe sil jy sê wies daais wat altyd halos so bokant hulle koppe het....? Lyk nes kransies met liggietjies binne-in.... Dink `n bietjie..!

*(Stilte: Kilian onbegrypend aanvanklik, maar hy begin verstaan)*

KILIAN U meen nou die Poorte...! Die werklike Poorte...? Waar `n mens aanland aan die einde van jou.....einde van jou....alles...? Maar dis tog nie waar nie! Dokter Marinus Gey van Pittius - u weet tog beslis van hom, seker een van die bekwaamste en bekendste interniste in die Republiek – was net verlede maand nog hoogs tevrede met die uitslae van my mediese toetse en het my inderwaarheid gekomplimenteer met my hoogs gesonde lewenswyse, en hier kom u nou sê dat ek.... dat daar- Daar moet beslis `n misverstand iewers wees.

POORTWAG Hoogs unlikely... ! Jys nou hier by my Poort en ek gan sieker maak dat jy nie hier by die Kloof inslip me. Heeleerste moet jy ingeboek word voor ek jou kan ytboek. Wat's jou naam?

KILIAN Dr. Kilian Kurtze. In my vrye tyd rekenaaradviseur en programmatuur-analis vir hoofraam-rekenaarstelsels. Veral rekenaarvirusse. Maar beroepsgewys is ek eintlik beleggingskonsultant en boedelbeplanner, hoofsaaklik op die gebied van wese en weduwees wat nie oor die nodige kennis en/of kundighede beskik om in `n hoogs onsimpatieke sakewêreld met goeie oordeel in hulle droefheid die regte beleggings te maak nie.Altyd so jammerlik droewig, dink u nie?

POORTWAG Kilian, dr. Kilian Kurtze..... ?. Ek sit nou so en dink, ek hettie so `n file hier by my as ek reg onthou nie. Kilian, dokter Kurtze, sê jy...?. Waar's daai klerk van my? Ook ewig en altyd as ek haar nodig het by ou Miesies Ha-di-Da! Kurtze...? Jy't die soort werk waarvoor ek meeste van die tyd sommer `n special file aanhou, want virrie skelmstes van die skelmes wat met die wieskinnertjies en die wiedevrouens se geld werk, hettek nie baie hoop vir die mooiegeide en groenigheide van die Kloof nie. Meeste van die tyd as ek hille klaar ingeboek het issit sommer reguit hier deur Kolekamer toe! Gin nodigheid eers virrie onnerhoud ennie ytboek nie.

KILIAN O, maar ek het `n hoogs gerespekteerde naam en reputasie wat-

POORTWAG Los nou maar allie baie praat. Draai net daai halo biekie hieriekant toe lat ek kan sien.

KILIAN Maar dis tog hoogs ongerymd dat u sommer- Dis my persoonlike eiendom waarop u nie maar net beslag kan lê nie!

*(Effense gestoei maar die Poortwag kry tog die rosekrans se voetstuk in die hande en begin binne in die rosekrans `n nommer af te lees. Hy skrik sigbaar.)*

POORTWAG Wat..... ! ! Laat ek mooi sien.....So wragtig....... !

*(Hy staan halfpad op, beduie Kilian moet sit.)*

Bly sit net da........ ! Moef me `n duim nie.... ! Net da.....

*(Hy skuif die denkbeeldige skuifvenster tussen hulle toe. Slaan met sy hand teen sy voorkop)*

So wragtig.... net waarvoor ek bang was....!

*(Maak weer die skuifvenster oop en sleek sy kop deur)*

En hoe sê jy waarvanaf kom jy........ ?

KILIAN O, ek is `n Pretorianer. In murg en been `n produk van die hoofstad. Oostelike voorstede, die ouer dele uiteraard.

POORTWAG *(Wat die Poortwag betref, tel dit definitief teen hom)*
Ag so, ag so...... Pretoria.
*(Maak die aksent na)*
Wô my mô en my pô bly.... ! Kyer sieker ok elke naweek in Sôbie-Sôbie... !
Wag net da....... Moenie eers dink om te moef nie.....

*(Skuif die venster weer toe, slaan weer teen sy voorkop.)*

Ek het dit geweet, het wragtig geweet hierdie computer gaan nog oppe dag `n bolsop van die ding maak... !

*(Skreeu agtertoe na sy Klerk)*

Kry daar vir Records. Maar maak gou, ek wil-
Nou wanner kom daai vroumens terug van die tafeldekkery af by die ouvrou? Nou moet ek altyd alles self doen.

*(Hy gryp die telefoon en begin naarstig hel. Die gehoor kan hom hoor, die ander karakters op die verhoog nie)*

Hallo...... Hallo ...... Issit Records? OK, OK, Files dan. Luister ek wil met die grootste baas in daai hele computer set-up praat. Die heel-heel grootste een. Sit my deur, maar moenie lat ek wag nie.... Hierie ding is top-top priority... ! Soek ookie `n kortbroek baas nie... Net `n top manager offe director soek ek ! Raait....... raait....... Ja. Dissie Poort by Heksrivier hieso, man. Ja ja, die Poort virrie Kaap, als duskant die Berg ...Ja, ek sê mos ek is die manager....

*(Uiteindelik kry hy wel iemand op die lyn)*

Issit die manager van die computerkamer...? Bakgat! Lyster Pellie, lyster fyn, alles hie by my is Ha-Ka-Gee-Ka... Ennie fen slat dit, dit spat die plek vol... !
Ja, ek weet baie goed die netwerk is af en daar's `n head crash oppie hard disk vannie main frame. Dit weet ek alles. Julle vertel my dit allie heeldag. Ma ek vertel dit ookal vir julle die hele jaar. Hierdie nuwe computer neuk. Steeks en vol nukke soos `n wilde perd. Dink

en maak nes hy wil.

Hoe dink jy wie kom nou net hier aangesit? `n Oompie uit Pretoria...! Uit die rêrige Transvaal uit! Hy-

OK, OK.... Gauteng dan. En hoe dink jy kom hy hier.... ? En hoe gat ek hom ooit sonder `n file ingeboek kry? Dis `n poort die net vir ons mense..... ammal duskant Heksrivier se berg...! Maar daar staat dit lewensgroot op sy ID..!

En hoe dink jy wiet hom gepop...? Ekke, die manager se selwe, en ek is van `n heeltemal `n ander poort as die oompie s'n.... ! Ek sê vir julle dis hierdie nuwe version van Windows mettie broadband ennie firewalling oppie ou netwerk wat allie files hier deurmekaar het. Dis toe ek nou-noumaar op Google Search kliek, toe pop ek hierie oompie heeltemal onskuldig... !

Wat..... ? `n Mistyk...? `n Mistyk is `n mistyk is `n mistyk is `n mistyk! En wiese mistyk almiskie? Julle en julle computer s'n. Dis wat. Jy sien net ligte en flashes en hoor net hoe blaas die beuls en hoe klap die skote! Dis wat! En nou sit hy hier... ! Soes ek hom so kyk, moes hy nog op Kerkplein langs ou Paul Kruger virrie dywe staan en mielies voer het.... En hies hy, als net deur my, en nou sit ek boonop nog sonder `n file ok oor hom... ! Hoe gat ek hom inboek en interview. Praat nie eers van ytboek nie.

Ek hettie `n clue wie die ou hel is nie..... Dalk nog een uit hulle ou Parlement uit want hulle't mos ammal sukke hoë grade en papiere wat-

OK OK, as dit so een is, is dit tiekets en koebaai vir hom Kolekamer toe, maar ek meen maar net. Kan jy dink hoe ek hom nou uitgesort gaan kry....? Kan julle nie vir my sy file uit storage kry en vir my oorstuur nie.... ?

Nee-nee... ! Nie met e-mail of die Internet nie..... ! Sommer met die hand inne plestiekhouer...... Maar ek sê dan vir jou my hele computer set-up is in sy kanon in. Firewall en broad band en al. Daai outjies met die tekkies en die ponytails ennie dik brille van Maintenance werk al van gister of aan die ding en hulle kry niks reg nie... ! Ennie vier wat gister by Tygerberg se hospitaal gepop is, het nou nog nie hier aangekom nie! Sit sieker iewers sonder files inne anner Poort.

Hoe meen jy nou die moeilikheid.... ? Ek sê dan vir jou dis net toe ek op Google Search kliek..... Wag, ek wys jou....so.... toe pop ek die oompie da yt Pretoria lat hy-

Daar doen by dit wragtig weer..... !

*(Ghong of simbaalslag. Ligte, flitse, kanonskote. Helse kabaal.)*

Nog een.... ! ! ! ! Net toe ek kliek... ! Ag nee.... !

*(Gooi foon neer. Met dieselfde oordrewe byklankakkoorde of watter truuc die regisseur ookal mag gebruik, verskyn die volgende karakter op die verhoog, ook met* sy voetstuk en rosekrans. Dis die moffie met die dubbelnaam: Gerard Vand-Ernest. *Hy kom met sulke knypboudjies nader. Die Poortwag skuif die venster oop.)*

GERARD Hallo, hallo almal julle.... ! Yours truly Gerard Vand- Ernest himself. How are you all, dearest of the dear...?

*(Kyk nuuskierig road, die ander iewat verstom)*

Wat soek ek hie-r...?

POORTWAG Jy't gepop, dis wat.
GERARD Ge-po-o-op...? Jy meen nou pop soos in pop..?
POORTWAG Pop, ja. Soos in pop.
GERARD Hoe aaklig tog! Jy meen...... ek is...
POORTWAG Tiekets. Soos in tiekets.
GERARD Maar dis tog seker `n horribale fout!
POORTWAG `n Helse een, ja. Dis net toe ek op Google Search kliek.
GERARD Amazing... ! Absolutely amazing..! En, mag ek vra, waar is hierdie meneer Google Search wat kan kliek soos by lus kry en dan moet ander pop of hulle lus het of nie?
POORTWAG Windows mettie broad band! Selle met die oompie uit Pretoria da.
KILIAN Heelwaarskynlik Vista met weergawe nommer 4! My spesialiteit! Kan ek my hulp aanbied? Het u al daaraan gedink om die hele proses ongedaan te maak?
POORTWAG Ongedaan...? Jy meen nou soos met Undo..?
KILIAN Presies!
POORTWAG Luister Oompie, ek het nou al hoeffelmal op Undo gekliek, ma't helpie. Julle is nou eenmaal gepop en nou bly julle gepop! Heel eerste gaan ek julle inboek. En dan die onnerhoude.
GERARD Genade...! Berge val op my! Ek was nie eers siek nie en ek en Hendrikus - dis my vriend - staan nog so met van sy heel nuutste en mees amazingste designs so voor ons, toe is dit skielik alles net so vaal en nou het ek hierdie awfully vulgar ou kransie...! Wie s'n is dit? Kan ek dit nie vir iemand gee nie? Iemand van wie ek niks hou nie?

*(Kyk rond, sien vir Kilian Kurtze)*

Ag, kyk net..... Jy't ook een. Net nog aakliger as myne.

*(Bekyk sy rosekrans)*

KILIAN Noudat u my daarop wys, moet ek erken dis nie in besonder goeie smaak nie. Ons het talle bloemiste in Pretoria wat werklik die keurigste ruikers vir spesiale geleenthede ontwerp, en `n mens sou graag aan hulle die geleentheid wou gee om hierdie mark te betree.
POORTWAG Ek kan altyd een van hulle pop. Ek kliek net op Google Search... Danssit net.... Pop....... Tiekets..! Enna sitty hie voorie poort en halos maak.
GERARD Hoe aaklig van jou.. ! Ek loop sommer! Ek bly nie `n minuut langer hier as wat-

*(Beweeg vinnig in die rigting van die die ter helle afgrond)*

POORTWAG *(Skreeu)*
Stop! Gee pad daar!
GERARD *(Skrik hom hoeglam, steier terug van die afgrond af, ens.)*
Oee! Watse aaklige plek is dit...?
POORTWAG Kolekamer, dis wat. As my files reg was, het ek julle altwee ytgeboek sountoe.
KILIAN *(Gaan kyk ook)*
Genugtig! ! Wie...wie gaan almal daar af?
POORTWAG Daais met die baie endosments op hulle files. Mieste vannie tyd daais wat die wieskinnertjies ennie wiedevrouens se erfgeldjies in

hulle sakke stiek..! En ok..... gaan hulle nie Kolekamer toe nie! Die bouncers van Security en hulle Alsatians vattie stront van daais met die endosments nie. Dis nette paar happe en byte en stampe met die shokstokke en dans hulle oorraai klif en ter helle innie Kolekamer in!

GERARD — Aaklig.. !

POORTWAG — Dis wat, ja. En ter wille jy nou jou halo so mooi vashou, gee hier lat ek daai ID van jou kan sien. As jy so tyd mors, kry ek jou g'n nooit ingeboek dat ek jou kan ytboek nie.

*(Poortwag gryp die rosekrans en lees binne. Skrik gepas. Herhaal vorige reaksie,is reeds by die telefoon en wil begin bel, die ander hand wil die venter toeskuif.)*

Sê biekie. Wa vanaf kom jy? Ma vattit mooi stadig.

GERARD — Sandton naturally. More than a city. A place of ambience and class. And money my dear.

POORTWAG — Ek glo hittie. Nogge blerrie Transvaler hie by ons Poort! Jy's by die verkeerde hek man, wa ka' jy sommer-

GERARD — Asseblief! Dis Gauteng, nie Transvaal nie! Transvaal is nie `n plek nie, dis `n rugbyspan, wás `n rugbyspan..... ! Oe hoe aaklig tog! Dis nou Nuwe Suid-Afrika man, a most amazing political experience!

POORTWAG — OK, OK, ons praat maar net so. Gauteng of Transvaal, watsie difference nou eintlik? Die een gryp en hol ennie anner ene skop en hol! Die symde.

GERARD — How awful.... !

POORTWAG — Praat jy nou van Gauteng of van Transvaal se span..? Wie is nou eintlik die ene wat nie awful issie..?

KILIAN — Ek kan nie begryp hoekom ons in die hoofstad ook gebuk moet gaan onder hierdie nuwe naam van Gauteng nie, dis tog duidelik `n set om `n goed gevestigde gemeenskap met goed gevestigde kultuurwaardes ondergeskik te maak aan `n politiek- geïnspireerde en materialisties gedrewe metropolitaanse en volksvreemde leef-etos... ! Hoogs onaanvaarbaar, is die algemene uitsprake van internasionale kundiges, wêreldkundiges is die woord wat ek soek, wat ek tydens my doktorale studies onder oë gehad het.

*(Pousetjie, Kilian kyk afwagtend rond)*

Wat sê u daarvan?

GERARD — Amazing. Ken jy nog sulke woorde?

KILIAN — U moet begryp dat verbale kommunikasie in die hoofstad, met besondere verwysing na die ouer oostelike dele, op `n vlak beweeg wat nie altyd binne die smaak, of die vermoëns...! val van andere buite hierdie kultuurgroep nie. Wat sê u?

POORTWAG — Se moer, sê ek. Ek is sieker daarvan dat as ek jou file gehad het, was jy lankal al hier af Kolekamer toe..! Ek wag net virraai faks van Records af en dansit die onnerhoud ennie ytboek. Ek gaan baie sieker maak van daai gelde van die wieskindertjies en die wiedevrouens en vannie computer vaairusse. Kolekamer toe, dis wat ek vir jou sien. En sommer hierdie moffie ook.

GERARD — How utterly awful... ! I insist that I be taken back to my studio and my designs... ! Op die daad.. !

POORTWAG — Shaddup jy, man. Jy gat nêrens heen nie. Almal eers ingeboek, dis wat! Net so met die halos oppie stingels. En dan die cross-examine met die onnerhoud as ek jou endosments tjek. Dan eers kom die ytboek met `n longlife halo. Groen halos virrie staf, blou virrie Kloof

en rooi virrie Kolekamer. Ek kan sommer sien rooi gat `n bieter kleur wees vir julle. Dis wat.

*NOTA: Die regisseur moet seker maak dat die verskillende kleure, nl. Groen, blou en rooi die nodige aksent kry.*

GERARD But this is ridiculous. Totally! but totally unacceptable! Waar dink jy kan jy sommer `n awful ou kransie vol liggies op my voorkop vasplak, of vaswerk of vas-wat-ookal jy gebruik. En dit alles net oor ek...... gepop is! Wat `n aaklige woord. Ek wil terug! Op die daad. Waar is my sel dat ek Hendrikus kan bel?

POORTWAG Jy kan maar net so wel shaddap. Hies g'n signal nie ennie telefone is net vir in-house. Dink jy dalk ek wil julle hier hê? As ek julle kon terugkliek Transvaal toe, hettek hit al lankal gedoen. Tjop-tjop!

KILIAN A... ! Daar sê u dit selfl Mag ek voorstel dat u my die geleentheid gee om voor u rekenaar stelling in te neem en hierdie hele ongelukkige verloop van omstandighede ongedaan te maak sodat u self-

*(Beweeg na die veronderstelde deur tussen die wagkamer en die wagkantoor en probeer inkom.)*

POORTWAG Wa dink jy wa gat jy heen, hè? No Entrance hieso, strictly net virrie staff vannie Poort en virrie staf van hoofkantoor! Yt Yt! Nog `n tree nader en dis tyd vir Security en hulle Alsatians! Wil jy sien.. ! Ek sê wil jy sien hoe goed my panick button werk?

*(Die spelers praat nie noodewendig gelyk nie, maar tog `n bietjie voor mekaar in.*

*Regisseur kies maar self die geskikte dialoog uit voorafgaande en volgende sinne.*

KILIAN Eintlik wil ek net help... ! U moet begryp rekenaars is my heel eerste liefde en ek het hoogs relevante ervaring van databasisse en gepaardgaande stelselprobleme. Toemaar, toemaar, ek sal self uitgaan, moenie bekommerd wees nie, los gerus maar eers die wolfhonde... !

GERARD *(Ook tussenin)*
Genade! Berge val op my! This is totally, but totally unacceptable... !

*(Karakters weer almal terug op hulle plekke, Kilian by sy kant van die toonbank.)*

KILIAN Kom ek gee vir u hoogs doeltreffende raad. Neem dit nou maar van iemand wat stelsels deur en deur ken. Programmatuur soos wat u daar het, is eintlik-

POORTWAG Stop eers! Issit nou die software met daai helse naam?

KILIAN Presies... ! Ons gaan alles ongedaan maak. Control en Z. Alles net eenvoudig omkeer. Binne `n oogwenk is die..... meneer hier terug in sy ateljee en ek betyds vir my afsprake in die hoofstad. Wat u doen, is die volgende....

POORTWAG Assit nie werk nie... !

KILIAN U moet my glo...Asseblief.

*(Poortwag gaan sit teësinnig voor sy rekenaar en begin).*

KILIAN Die belangrikste is om u Programlêers voor u te kry. Gaan eers na Windows Explorer. Het u dit?

POORTWAG Dis nou sieker al die naampies hier op `n ry af. Raait, ek soekkit.....

KILIAN Nou gaan u aan die regterkant af tot u by die regte titel of die ikoon kom.... Het u dit?

POORTWA_ Ek hettit, ja. Explorer. Da kliek ek hom.

*(Kort vinnige byklank)*

Wats so fensie daaraan..?

KILIAN A... ! Let nou mooi op. Sien u die Undo bokant die pyltjie vir Back Space .... Sien u dit? Back Space sê dit. En dan heel links bo is die knoppie vir Escape. Sien u Escape? In die middel sal u ook `n groot sleutel sien, `n knop soos `n driehoek met `n pyl, daar staan ENTER op. Moet onder geen omstandighede daaraan raak nie. Dit moet u asseblief onthou: moenie aan die ENTER knoppie raak nie. Tussen hierdie drie sleutels lê die geheim. Net nie aan Enter raak nie.

POORTWAG Maar ek hoor mos ek moenie.

KILIAN Goed, nou eers Back Space ..... en dan Escape. Het u dit?
Wag tot ek die teken gee.

*(Tersyde aan Gerard)*

Maak u maar gereed om van u rosekrans ontslae te raak.

*(Aan die Poortwag)*

Back Space ... Nou !

*(Skril, kort, maar harde alarmfluit of klank uit die rekenaar. Anders as die vorige. Agter sy rug versteen beide Kilian en Gerard in potsierlike posisies, soos Lot se vrou vanmelewe.)*

POORTWAG En nou? Wat nou? Hoekom skree hy so as ek hom hier in die ribbes kielie? Wat sê jy moet ek nou maak? Gaan hy weer so aan die skrou gaan as mens hom-

*(Poortwag kyk om en sien die versteendes.)*

Nou wadde hel...? Wat dink julle maak julle... !

*(Beweeg suspisieus na hulle toe. Dan by hulle, om hulle, waai met sy hand voor hulle gesigte. Klap met sy hande, met sy vingers, loop om hulle, beloer en bekyk hulle in absolute ongeloof, ens. ens.)*

Oompie! Oompie, Kilian word wakker!
Jy! Jy met die saaits! Gerard! Kom reg!
Julle! Julle!
Wat gaan aan?
Waar's daai bleddie meisiekind?
Oompie.... ! Wat's daai anner knoppie?

*(Hardloop terug. Gaan sit voor die rekenaar. Soek en kyk. Hande in die lug.)*

Die enetjie links bo.... Of nie? Of dalk Enter.... ? Of issit nou in die

middel? Iets van Escape het die oompie mos gesê....!

*(Druk dan die rekenaarsleutel. Skril alarmgeluid vanaf rekenaar. Hierdie klank moet duidelik anders wees as die eerste geluid. As die rekenaar die eerste keer vir Backspace gepiep! het, moet dit nou vir Escape pop! maak.*
*Ons twee versteende karakters herstel egter onmiddellik uit hulle posisies.)*

POORTWAG Julle is weer terug? So waar as wragtig dit spook hier! As ek dit nie met my eie oghe gesien hettie hettikit nie gesien nie! Spoke! Dis wat! Waas daai baas van die computers!

*(Hardloop om die telefoon in die hande te kry. Begin bel. Naarstiglik. )*

Niks helpie! Die ding wil nie bel nie. Alles oor die broad band ennie firewall oppie Internet met die Explorer! En ook oor daai dêm meisiekind wat die tafels gaan dek het. Alles daaroor! Records! Records! I-Hierrie bleddie foun!

KILIAN Wat `n aardige ondervinding. Wat sou gebeur het?

GERARD Ek is weer gekliek, dis wat. Of geklak. Gepop! Dis die woord. My hart sit bo in my keel.

KILIAN Ek voel regtig `n bietjie duiselig. Miskien moes ek tog maar van dokter Gey van Pittius se tablette geneem het.

GERARD Ek het nie daardie dokter met die hoë naam se pille nodig nie. `n Viervinger dop! Nou op die daad! Ag, as Hendrikus net hier was.

POORTWAG G'n gesypery hier in my Poort nie. Jyssie nou oppie Cape Flats nie! Almal staan terug. Altwee. Laat ek sien. Jy sê dis in die middel waar daai knoppie is. Die Enter een?

KILIAN Asseblief? Nie Enter nie! Backspace is die een!

POORTWAG OK, OK, Backspace dan.

*(Hy druk weer op die knoppie en die hele toneel word herhaal. Alarmgeluid, die twee gepoptes wat versteen, Poortwag wat hom verstom.)*

POORTWAG As ekkit nie met my eie oë gesien het nie.

*(Stap weer om die karakters, klap met die vingers, ens. Dan terug by die rekenaar.)*

Waarsaai knoppie? Escape! Escape!

*(Druk weer Escape sleutel. Die ander alarmgeluid. Hulle herstel.)*

GERARD Daar was dit weer! Oe, my genade!

KILIAN Iets werklik vreemds. Werklik vreemds.

*(Poortwag weer terug by die rekenaar.)*

POORTWAG Lattek net weer tjek. Backspace!

*(Toneel word herhaal. Eerste alarmgeluid. Hulle versteen. Poortwag heltemal moedeloos.)*

POORTWAG Hierdie Backspace maak hulle net styf staan. Isse useless knop. Helemal useless. Waarsaai anner ene...? Die Enter een? Enter, enter... enter- Aa! Hieso.

*(Hy druk Enter. Byklanke-kabaal. Die twee karakters ontvries onmiddellik en neem teatrale houdings in soos karakters in romantiese operatonele hulle liefde betuig.)*

KILIAN O my hart, my liefde!

GERARD O my liefde, my hart!

KILIAN O my hart, my liefde!

GERARD O my liefde, my hart!

*(Poortwag nader. Reageer gepas.)*

POORTWAG Stoppit! Stoppit nou! Dink julle julle is in paartyd? Hier in my Poort?

*(Die ander twee gaan onverstoord voort.)*

KILIAN O my hart, my liefde!

GERARD O my liefde, my hart!

POORTWAG Hier sil ek vandag wragtig moet keer! Waassy anner knoppie.... ? Issit die ene vannie Escape .....? Escape.... Escape- Hiessy!

*(Druk die Escape knoppie. Die Escape byklanke. Karakters herstel en ontvries. Poortwag nader.)*

En nou bly julle los! !

GERARD Help! Hendrikus!

KILIAN Hoe aardig, tog. Wat sou tog verkeerd gegaan het!

POORTWAG Dis Google Search, dis wat! Mettie Broad Band! Ennaai meisiekind wattie tafels loop dek het!

*(Weer telefoon toe. Bel en druk, bel en druk, foon dood.)*

As ek net daai computerbaas innie hanne kan kry! Hallo...! Hallo....!

KILIAN *(Begin herstel)*
Miskien wil u net weer aan my verduidelik watter sleutels u gedruk het. Ek het vir u gesê u moet-

POORTWAG Backspace! Backspace het jy gesê! So..!

*(En daar druk die Poortwag dit weer. Byklanke. Die hele storie herhaal homself. Hulle vries. Poortwag hande in die hare.)*

Ek moes hom ge-Enter het! Enter- Dissie een wat ek soek!

*(Hy druk die Enter. Byklanke van Enter. Liefdesteatrale.)*

KILIAN O my hart, my liefde!

GERARD O my liefde, my hart!
*(Hulle hou aan)*

POORTWAG Stop! Stop! O my hel, daarssit weer paartyd! Stop! Backspace.... ! Of issit nou Esacpe? Escape.... ! Issitie Escape nie? Nee, dis Backspace...! Dis Backspace!

*(Hardloop rekenaar toe. Druk Backspace.*

*Backspace toneel. Hulle vries.)*

POORTWAG Verkeerd! Seker die anner ene. Enter! Dissie een ja.

*(Nou volg die Backspace en die Enter-tonele mekaar op met gepaardgaande reaksies.)*

Enter!
Backspace!
Enter!
Backspace!

*(Die regisseur moet self besluit wanneer om op te hou.)*

POORTWAG Stop! Stop! Wats daai anner een? Escape!

*(Alles kom tot rus. Almal uitasem. Gerard en Kilian moedeloos op die grond.)*

KILIAN Dit... dit was werklik nie mooi van die rekenaar nie!
GERARD Huis toe! Terug! Op die daad!
KILIAN Ek is bevrees ek moet u vra om my tog maar toe te laat om self die rekenaar te hanteer en die hele saak op te los. Daar is ongetwyfeld `n virus in die stelsel en dit verg heelwat ervaring om die probleem op te los.

*(Intussen beweeg Kilian die Poortwag se kantoor binne en kom gedurende sy dialoog by die rekenaar uit en gaan sit. Die Poortwag laat hom gelate toe. Kilian hanteer die sleutelbord soos `n fundie terwyl by praat.)*

KILIAN Ek is oortuig daarvan dat daar `n onverklaarbare virus die programmatuur verwring. Die enigste manier sou wees om by 'n posisie te kom waar ek alles ongedaan kan maak. Control en Z. Dis eintlik `n omkeer van die proses sodat alles weer by die plek kan kom waar ons begin het!
POORTWAG Omkeer.... ? Hierie hele blerrie plek is al lankal in sy kanon in omgekeer!
KILIAN Daar moet ek met u saamstem. Maar, let nou mooi op. Wat ek nou gaan doen, is om nie eenkeer nie maar tweekeer op die muis te klik! En wel op die regterkantste muis... ! En nou gaan alles herstel tot voor hierdie ongelukkige dag... ! Terug in u ateljee gaan u wees!
GERARD Amazing... ! How absolutely thrilling. Hendrikus would have loved this!
POORTWAG Laat wiel.
KILIAN Almal gereed... !

*(Byklanke: Klik-klik!*
*Simbaal en ghong. Kabaal, ligte, flashes, skote, ens wat ookal.. Pandemonium. Verhoogtruucs met die verskyning van die twee nuwe karakters. Poortwag wat sy hande in die lug gooi, verbasing en verbystering aan die kant van die ander twee, ens. Herklaas Benade en Cherie Swanlake verskyn altwee gelyk deur die ingang. Albei dra rosekranse, verstel ietwat aan hulle klere. Stadig met die gulpe en die knope. Maak dit nie so eksplisiet nie.)*

POORTWAG Wadde hel het jy nou gemaak! Nous hier nog twee! Ky da! ! ! ! Hoe kan jy so blerrie stupid wees! Is dit nou soos Omkeer is..! Plaas jy die ding liewer Undo! Undo soek ek! Nie Omkeer of Ongedaan of

een van jou dêm fensie Pretoria woorde nie! Undo!! `Geweet `n double kliek gaan nie werk nie!

KILIAN Met opregte respek, my innige jammerte. Ek is oortuig daarvan dit moet `n nuwe rekenaarvirus wees. My werklike, werklike spyt... !

GERARD Is dit nou soos wat pop is? En sommer twee op `n slag..?. Genade, how absolutely awful... !

KILIAN Geen twyfel nie. Dit kan net `n nuwe rekenaarvirus wees. Geen ander verduideliking nie.

POORTWAG Hettit allie tyd geweet! `n Double kliek gattie werkie.

*(Poortwag intussen knaend besig om sy hoofraam rekenaarkamer te probeer bel)*

Hallo, hallo.... hallo! Ek soek weer die baas in Records. Maar dit moet vinnig gaan. Hies `n helse trainsmesh met die files. Hallo....... hallo?

*(Aan die nuwe aankomelinge )*

Sit net da voor die venster. Moef nêrens heen nie. Bly net da! Eks nou terug en dan wil ek daai ID's sien. En dan gat ek mooi kyk of julle van onse mense is. En as julle nie issie, dan gat ek vandag-Hallo.... Records? Lyster Pellie, dis nou die hoeffelste keer dat ek vandag hierdie netwerk van my moet aangee dat julle-

Eks vannie Heksrivier se Poort man, hoeffel keer moet ek dit nog sê! Ja, ja die manager hier. Ons sit nou met nog twee nuwes hier wat nêrens oppie sheddel is nie. Dan wag ek ook nog die hele dag vir daai vier van Tygerberg wat gister al gepop is!

Ek sê dit al die heel dag vir jou staf: ek kan hierdie nuwes nie eers inboek nie, lat staan nog vannie onnerhoude ennie ytboek as ek nie eers hulle files het nie. Almal sit ook nog hier met hulle halos oppie stingels ok. Daar issie `n manier wat ek hulle-

Da's hy wragtig af!! Ek gooi sommer hierdie blerrie telefoon hier innie Kolekamer af.. !

*(Gooi die telefoon op die mikkie neer en wend hom tot die nuwe verbaasde nuwe aankomelinge)*

En wie, mag ek vra, is julle? Of liewer, wavanaf kom julle? Jy eerste.

*(Hy wys na Cherie wat nou bietjie begin herstel het. Sy gooi haar flikkers.)*

CHERIE Uit die stad van rose ...Cherie Swanlake van Bloemfontein! Hallo almal, julle pragtige goed. Skattebol, jy ook! Ag, hoe sweet.

KILIAN E...e...mm. Hallo, ek meen goeiedag-

POORTWAG Cherie Swanlake van Bloemfontein! ! Ek glo dit nie. Ek glo dit nie! Sê dit weer!

CHERIE Hoe cute..! Rooie rose, warm harte en `n lang nag van hartstog voor ons...! Dit...is Bloemfontein! En die Landbouskou kom net eenkeer `n jaar. Nè, Herklaas, skattebol!

*(Tersyde aan die Poortwag)*

Wees nice met hom, hoor. Dis Herklaas Benade, die Brahmaan-boer. Wen al die pryse met sy bulle.

*(Gryp vir Herklaas Benade uittartend vas. Wys been en/of woeker suggestief met ander attribute. Almal sluk `n paar winde. Gerard kyk doodverveeld anderpad.)*

POORTWAG Dis dan innie Vrystaat...? Weet jy watse poort hierrie is? Dis Heksrivier s'n hie! Dissie Maselspoort of Bethulie of een van daai poorte wat julle met mieliesakke en skaapwol uitgelaain hettie. Hiessit strictly vi' ammal duskant die berg ennie see.

HERKLAAS Hier's jou blomme. Vat dit. Ek loop nou.

*(Hy is `n man van min woorde wie se lyftaal meer praat as sy dialoog; `n "real man's man ". Hy dra waarskynlik 'n korterige bakkebaard, wat hom onderskei van takhaartipes met ruie baarde en banale maniere. Hy praat afgemete, en oënskynlik met min emosie, skep pouses in sy dialoog, bly soms net stil en bekyk die ander karakters ondersoekend, maar nie vyandig nie. Hy dra `n hoed waarmee by ongemerk `n deurlopende stryd voer om dit te onderskei van die rosekrans wat nou almelee in sy pad is. Kort-kort is die hoed bokant die rosekrans en dan weer is die rosekrans bo. Dit sal help as hy 'n lekker diep stem het. Hy het die eienaardige gewoonte om soms sy sinne te begin of af te sluit met 'n soort "hm " geluid wat meer 'n kort grom is as iets anders. Die teks dui nie hierdie hm-geluide aan nie, en die effektiewe aanwending daarvan is in die hande van die speler en die regisseur)*

POORTWAG Hei jy! ! en waar dink jy gaan jy heen...? Jy moet vir jou gedra hier.. !

HERKLAAS *(Kyk om of daar iemand anders is met wie die Poortwag praat)* Hier's jou blomme.

POORTWAG Wag net da..! Eks noggie by jou nie. Moef niks nie.

HERKLAAS *(Kyk om)*

POORTWAG Dis met jou wat ek praat.

HERKLAAS Jy hoor sleg. Hier's jou blomme, sê ek. En gaan roep die baas.

*(Herklaas probeer die rosekrans van hom afskud maar dit bly by hom: dis of in die een hand of in die ander. Die Poortwag is eintlik skoon verbysterd, en het intussen van skone ontsteltenis die deur tussen die wagkamer en sy kantoordeur na die wagkamer toe oopgemaak en staan nou bakhand agter die oor nader.)*

POORTWAG Lyk my jy's reg, ek hoor hoeka al slegterder en slegterder. Sê dit weer .... ma vattit mooi stadig lat ekkie dalk iets ytmis nie!

HERKLAAS Jy mors my tyd. Wat gaan vir wat hier?

*POUSETJIE*

*NOU VOLG `N TONEEL VAN MIMIEK EN GEPAARDGAANDE GEBARE. SOWAT I MINUUT LANK*

*Die Poortwag gaan staan eers. Dink `n bietjie. Dan roep hy Kilian met die voorvinger nader. Buig vooroor en praat saggies in Kilian se oor. Gerard rek ook sy nek om te kan hoor en die twee knik instemmend. Die dialoog is nie vir mense in die gehoor hoorbaar nie, maar hulle weet presies wat gesê word, nl. dat die Poortwag wil hê hulle moet aan Cherie en Herklaas gaan verduidelik wat aan die gang is. Cherie probeer afluister maar is te ver. Herklaas kyk doer ver. Die Poortwag beduie om die beurt na die Kolekamer en die Paradyskloof se kant toe, na die rosekrans, ens. Uiteindelik is hy tevrede, stap terug na sy kantoor toe en is dit nou Kilian en Gerard se beurt om die ander twee nader te roep en onhoorbaar aan hulle te beduie wat hulle moet weet. Die Poortwag bekyk hulle ken in die hande op sy elmboë by die toonbank. Herklaas bly uitdrukkingloos en wys niks maar Cherie reageer die nodige. Afgryse, verstomming en dies meer word om die beurt deur almal ten toon gestel. Die Poortwag onderbreek die mimiektoneel `n paar keer met die volgende dialoog, wat die regisseur self sal invoeg.)*

POORTWAG Sê ook vannie inboek ennie ytboek!
En wat vannie onnerhoud?
Ek hoor niks vannie cross-examine me!
Ennie longlife halos!
Vannie rooies!

*(Mimiek vervolg. Hulle gaan loer by die Paradyskloof se poort in en aan die einde beweeg hulle tot by die afgrond van die Kolekamer.)*

*Nota aan regisseur. Die ingang na die Paradyskloof het `n deur, waardeur mens telkens as dit oopgaan vorentoe in die stuk, die vrolike klanke van `n paar voëltjies hoor wat twiet-twiet of miskien `n bekende stukkie Mozart musiek. As hulle by die afgrond van die Kolekamer kom, skrik almal behalwe Herklaas weer hewig en deins terug. Herklaas staan eintlik nader en bekyk die hele gedoente met meer as sy gewone belangstelling. Spelers moet oppas vir oorspeel en hulle daarvan weerhou om mekaar se tonele te steel. Geskikte oorgang in die hande van die regisseur.*

POORTWAG Het julle nou gehoor? Met `n bietjie luck weet ons nou almal wat gaan vir wat hier. Hierdie meneer seker ook.
HERKLAAS *(Ignoreer hom, beweeg tot by die afgrond en kyk af)*
Jy moet kom kyk. Die ou vette daar verneuk aanmekaar. Skep net halwe grawe kole.
GERARD Hoe aaklig.. !

*(Herklaas het nou vir die eerste keer geleentheid om Gerard behoorlik op en af te beskou en te bestudeer. As hy klaar is, skud hy sy kop en bekyk dan vir Kilian. Dan draai hy sy rug op hom.*

HERKLAAS *(Besonder gefassineer met die hele opset in die Kolekamer)*

Daar's die lang maerietjie ook. Loop en louf agter die ou vette aan.
As ek die voorman daar is, skop ek sy gat vol ouskoene.
GERARD Ek gaan dit nie `n oomblik langer verduur nie! Nie `n oomblik nie!
KILIAN Ek moet sê die situasie is eintlik nie bevredigend nie. Soos ek die saak sien, is ons hier by die verkeerde Poort en ons lêers is iewers by `n ander Poort. As ons iets gehad het om voor skaam te wees, kon mens dit nog begryp het. Ons lêers is oop vir enigiemand!

*(In `n mate tog met `n bietjie onrustige rondkyk)*

Maar ons hier... ! Wat `n gelukkige groepie is ons nie met eintlik niks om weg te steek nie... !

*(Cherie reageer uiteraard)*
Bedoelende nou op `n meer abstrakte vlak.
GERARD Hy sê jy moet jou tette toemaak.
CHERIE Stouterd!
POORTWAG Ek sil stilbly as ek jy is. Daars hoeka van jou goete wat ook uithang. Of issit nou uitsteek!
GERARD Ek weier om `n oomblik langer na hierdie banaliteite te luister. Ek wil terug studio toe, nou op die daad... !
Waar is daardie aaklige computer manager wat mense links en regs onnodig pop terwyl hy lekker kliek en dubbelklak in sy mallemaai in.

Vir hom die Kolekamer...! Niks minder nie!

POORTWAG Shaddap jy! Gat sit stil daar! Nie `n roering in daardie agterent van jou nie.. ! Gehoor.. !

GERARD Skaam jou....!

POORTWAG *(Sug)*

Dis vandag die dag dat ek vir Security sommer voor die tyd al kry om met hulle Alsatians dinge te kom uitsort hier. Laat daai faks net kom! Ek het nog nie eers almal se ID's nie en julle wil al klaar hier oorneem.

*(Wend hom na Herklaas)*

Lyster Pel, jy... ! Daai ID dankie. Hou net daai halo so bietjie skeef, dan sien ek wat ek wil sien...!

*(Herklaas ignoreer hom flat; stap na die Kloofingang toe en loer in)*

HERKLAAS Seker goeie reën gehad in die laatsomer. Veld lyk goed. Maar die wind steek op. Kan nog neuk vandag.

POORTWAG *(Gooi hande in die lug)*

Dissie `n landbouskou hier nie! Hie gannit wragtag nog wit sit voorrit gat reg raak.. !

HERKLAAS Maar die veld lyk goed. Net bang dat dit strawwe hartwaterveld dalk is. Dan moet jy aanmekaar dip. Somertyd tweekeer in die maand.

*Pousetjie*

Helse kostes ook. Van watter kant of kom jou reëns hier?

POORTWAG *(Wend hom nou tot die ander)*

Sien julle nou wat meen ek..?

Daai I.D.... ! Laat ek lees wat staan innaai halo van jou. Jy moet van `n helse plek innie Vrystaat af kom.

HERKLAAS *(Reageer deur self in die voetstuk te probeer lees)*

Verkeerd. Lankal geweet dinge in hierdie plek kort `n baas se hand.

POORTWAG Verkeerd.... ? Baas se hand..! En watse hand dink jy miskien issit die? Daarsie affirmative action en token base hierso nie, man! Lykit vir jou miskien soos `n blerrie bieradvertensie hierrie! Daar was nog nooit in hierrie Poort se hele geskiedenis `n halo verkeerd gemerk nie, en dis van lank voor ou Jan van Riebeeck ook al, en nou kom jy en sê sommer hier insults links en regs en senter!

*(Stap na sy kantoor toe)*

Waarsaai panic button vir Security ennie Alsatians...? Nou dadelik! Vandag sil jy sien hoe lekker hoog spring `n Brahmaanboer!

CHERIE Sê hom Herklaas. Sê gou vir hom van jou plase.

HERKLAAS *(Bekyk voetstuk weer noukeurig)*

Verkeerde distrik. Hierdie plaas hier is vir my winterweiding. En dis in Ventersdorp, nie Lichtenburg nie. Dis waar my saaiplaas is.

POORTWAG Ventersdorp! ! Dis dan in die Wes-Transvaal!

GERARD Noordwes, nie Wes-Transvaal nie! There is a new political dispensation waaraan ons almal baie hard werk. Asseblief? !

HERKLAAS *(Stilte. Bekyk hom op en af, stap om hom)*

Gm!

POORTWAG Ventersdorp...? Ventersdorp...? Ekket mos al van die plek gehoor..? Wat het jy dan in Bloemfontein loop soek...?

CHERIE *(Reageer soos sy moet)*

Lyk my by moet nog baie van landbouskoue af leer.... !

*(Aan Herklaas)*

Hè skattebol.... !

HERKLAAS (GEE SY IDEE VAN `N LAGGIE)

CHERIE Ons was ook so besig die hele tyd... ! Veral jy, my ding. Jy was skoon uitgeput.

POORTWAG Ek willie hoor van hoe moeg jy was nie. Ek wil hoor van hierrie Ventersdorp plek.... Ek weet van daai plek, die sê ek jou....

KILIAN O, maar Ventersdorp beklee `n baie belangrike plek in ons algemene politieke lewe. Nou nie oral baie gewild nie, sal ek byvoeg, hóógs omstrede ook, en verteenwoordigend van `n pool aan die regterkant met heeltemal ander perspektiewe op die totale politieke spektrum. Help dit u?

POORTWAG Issit tie dalk hie plek vannie man met die baard ennie perd ennie karwats nie?

KILIAN O, maar daar is sovele perderuiters deesdae. U weet, `n terugkeer na die wortels van ons volksaard. En dan is daar lede van `n baie interessante politieke groep wat ook onlangs so `n terugkeer na die saalperd gemaak het.

GERARD Genade...! Dit ook nog! How frightfully awful!

POORTWAG Da was ienkeer so `n ou oppie groot skrien by hoofkantoor en toet ek gesien hyt sukke te groot onnerbroeke.

GERARD What awful taste!

POORTWAG `n Vroumens vanne anner land het hom glo deurie sleutelgat afgekyk. Issit dieselle een?

GERARD Ek glo dit nie. I simply don't believe I'm being subjected to all these indignities..!

POORTWAG Assit hy is, wil ek nou op hierrie oomblik weet watse connection het julle. Ma' vattit mooi stadig.

HERKLAAS *(Bekyk weer die voetstuk van die rosekrans)*

Dit sê ook nie hier van die nuwe plaasdistrikte nie.

KILIAN Ag, ek kan u verseker daar is heelwat onvoltooide opdaterings ten opsigte van provinsiale grense, wat staan nog wyke en distrikte. Ek ondervind die probleem daagliks met boedelbeplanning vir agtergeblewe weduwees en wese dat die oorspronklike grens op die titelakte nie presies-

POORTWAG Oompie! Nou hou jy daardie slim hoghe woorde vir jouself. As ek jy is praat ek nie `n woord oorie wieskinnertjies se plase nie - kannie wag om te sien wat staan alles in jou file nie. Seker net endosments die hele tyd van erfgeldjies wat missing is en vannie computer virusse wat jy left raait en senter plant. Jou beurt kom met die onnerhoud ennie ytboek met `n longlife halo! `n Rooie.

Waar bly daai faks dan dat ek hierdie lot kan uitsort!

En sommer eerste hierrie man met die bulle en die mielies. Van wanneer af-

CHERIE Oe, maar dis baie meer as net mielies en bulle, nè Herklaas skattebol! Sê vir hom jy's eintlik `n perdeteler. En dis op jou ander plaas. Waar die hingste loop...! (Giggel bietjie)

POORTWAG Ek willie wiet van sy pêreplaas nie. Ek wil wiet van sy connections. En sê veral van daai ene met die perd ennie onnerbroeke. Maar vattit mooi stadig.

CHERIE `n Perd met `n onderbroek! `n Te grote. Dis nou vir jou cute, hoor. Herklaas, het jy gehoor?

HERKLAAS *(Worstel nog steeds met die rosekrans se voetstuk)*

Niks hier van die onderverdelings nie. My persoonsnommer is ook

verkeerd. Of dalk het hulle my koöperasienommer daarmee omgeruil. Het jy dalk `n lys hier van ons nommers?

Kyk onder Makokskraal se tak, dis waar ek aangesluit het.

POORTWAG Vandag is wragtig die dag vannie panic button! Nou bly almal eers stil. Ek sal praat en julle sal luister! Luister soos in Yes-Sir-no-Sir met-askies-en-seblief tussen-in! !

*(Staan dreigend voor hulle. Tree uiteindelik ferm op. Gryp sy balpunt pen en die eerste die beste rosekrans. Begin die nommers in die voetstukke op die binnekantvan sy hand afskryf. Skryf en praat om die beurt hard en binnesmonds terwyl hy die nommers afskryf, kommentaar lewer en deur sy neus snork)*

As ek sê inboek, dan meen ek inboek. TP765489......

Waar bly daai bleddie klerk van my verdomp... !

Vandag skryf ek nog my eie endosments by.

Perdeplase en kopperasies. TLU89674.....

Blerrie moffie en sy designs. XXX333444....

Double kliek op Explorer.

Wedevrouens se geld. .

Dêm tert agter die mans aan. OB 69 69 69.....

*(Beweeg ook terug na sy kantoor toe en gaan sit sommer self voor die rekenaar)*

Ek soekie inboekskrien! Waassie inboekskrien? Dit was altyd hier by die bloublokkie. Waassie bloublokkie wat altyd- OK!

Daar het ek hom.

*(Slaan die sleutels heftig.)*

Het eintlik nie eers hulle files nodig nie. Weet klaar wat daarin staan. Mors net onse halos op.

KILIAN Ek merk nou eers u het nog van die ouerige sleutelborde. Mag ek voorstel dat indien u weer met u hoofkantoor skakel, u hulle versoek om vir u een van die omgewing-vriendelike en natuurlike handposisie borde te laat kry. Ek kan vir u die naam gee van `n hoogs betroubare verskaffer in die hoofstad wat-

GERARD Praat jy van daardie cream krommes...? Hendrikus het ook een van hulle. Absolutely stunning! At last computers don't look like computers anymore. Die design is met een woord amazing... !

KILIAN Die vordering wat die afgelope twee jaar met rekenaarontwerpe gemaak is, is net eenvoudig verstommend. Ook die skerms is deesdae uitsonderlik kunstig gestileerd. U hoofkantoor is miskien nie bewus daarvan dat van die verskaffers in die hoofstad die afgelope maand met die aantreklikste aanbiedinge denkbaar na vore-

POORTWAG Oompie!

*(Hy is van voor of moedeloos en sak sommer met sy kop in sy hande vooroor op sy lessenaar of kyk daar ver na niks nie.)*

HERKLAAS Ventersdorp het ook laasjaar computers gekry. `Was `n lang ruk agter Lichtenburg. Nog net Makokskraal het nog nie computers nie.

GERARD Hendrikus maak die mees amazingste desings op sy computer. Hy gebruik ook gladnie meer designborde nie, alles kom net so op die screen in die mees stunningste kleure wat jy jou kan voorstel! Ek kan

my absoluut verkyk aan hom as by met sy vingers so oor die bord beweeg en net eenvoudig magic uittoor! Sulke lang skraal hande het hy mos, unbelievable!

POORTWAG Unbelievable...? Ek sil jou sê wat unbelievable is! Lat ek nog nie die Alsatians laat kom het nie. Dis unbelievable. Quite, almal! !

*(Aanvanklike stilte, maar dan kom Kilian weer aan die gang)*

KILIAN Dis Italiaanse programmatuur wat nou ook op Vista aangepas is. Die Italianers en die Japannese is ver voor met alle grafiese ontwikkelings en u vriend kan genus met my skakel sodra ons die formaliteite hier afgehandel het. Laat ek vir u `n visitekaartjie gee. *(Voel-voel in sy sakke)*

Eienaardig, ek het niks by my nie. `Sal tog vir u later die kontakbesonderhede laat kry.

CHERIE *(Gaap)* Computers is so boring. My een suster het een. En sy sit heeldag net en tik, tik, tik. Herklaas, skattebol, as jy moet hoor dat ek ook eenkeer op `n kol net heeldag gesit en tik-tik-tik het, lag jy vir jou heeltemal-heeltemal slap! Jy sal dit nie-

HERKLAAS *(Reageer uiteraard effens op die uitlating)*

CHERIE Stouderd! Asof jy jou kan slaplag!

*(Koer-koer rondom Herklaas)*

Waar was ek nou weer? O ja, by die boring computers.

KILIAN O, maar dis waar mense die fout maak. Rekenaars is absoluut fassinerend. Mens moet net sorg dat die konfigurasie reg is. Ek sou darem baie graag net wou kyk watse konfigurasie hierdie Poort op sy stelsel het.

*(Begin weer na die Poortwag se kantoor toe beweeg)*

Ek is seker daarvan dis waar die probleem lê wat hier ondervind word-

POORTWAG *(Kan dit net nie meer uithou nie.)*

Stop! Gaan terug! Almal bly stil!

Nie een woord verder nie. Nie een woord nie! !

HERKLAAS Boek my in want ek moet nou loop. Hier's jou blomme ook nog.

GERARD Ek kan maar net hoop dat ons nuwe kranse `n verbetering op hierdie stingels en lawwe blommetjies gaan wees. As ek moet dink aan die amazingste designs wat Hendrikus sou kon optower... !

KILIAN Daar moet ek met u saamstem. Ek het al vantevore dit aan die bestuurder hier genoem dat daar in die hoofstad bloemiste is wat hoogs innoverend en met die fynste smaak ontwerpe vir die rosekranse sal voorlê, en, sonder enige verpligting hoor, op risiko sal gaan om die mark te probeer betree.

HERKLAAS Wanneer word ek ingeboek?

POORTWAG *(Hande in die hare)*

Jy's klaar ingeboek, man. Demmit! Ons wag vir jou file! Of dan net `n faks dat ons kan sien wie jy is! Kan julle dit nie in julle koppe kry dat ek die kitaar hier slat en nie julle nie. Ek wil van nou of nie `n woord hoor van-

*(Telefoon lui skielik hard)*

A!! Dis Records by hoofkantoor.

*( Neem die telefoon by die Klerk)*

Nou gaan ek hoor van julle files. Lekker! !

Hallo! Heksrivier se Poort ja. Ja ja dis ek, die manager.

*(Skuif die venster tussen sy kantoor en die wagkamer toe. Poortwag maak eie telefoonpouses.)*

Wat sê jy? Net `n partial recovery!

Maar dis seker `n blerrie grap wat jy nou maak. Net stukkies van die files...? En wat van hulle endosments? Nou hoe gan ek hulle nou onnervra?

Twee van hulle.... ? Waffer twee...? Dan boek ek hulle sommer nou yt, elkeen met `n rooi longlife.

Wat? En wat het hulle nog gedoen...?

Jy kan nie die file recover nie? Ma' wies daai twee? Ek wil nou wiet wies daai twee vir die Kolekamer. Daas ene met helse connections met helse mense. O. En wat dan vannie ene meddie wieskinnerkies se geld....? Of daai blerrie moffie? Die anner ene isse blerrie tert agterrie mans aan. Flerrie of iets.

Hoeffel endosments is daar?

Julle weet nie! Weet julle dan niks nie? Hoe kan julle my net so drop?

Ma' ek kannie sommer alvier die Kloof instuur nie, die verkeerdes met die endosments slip dan saam in.

*(Klokkie of iets wat lui. Nou daag die bode op. Hy dra 'n groen rosekrans soos ’n sweetband want hy is ook lid van die personeel. Skreeu hard as by binnekom. Die Bode dra 'n soort van oorgooi windjekker of ding met die woorde groot en duidelik daarop: "DHL - Express Delivery" voor en agter. Hy of sy kom in, dra 'n pakket in blou papier of met 'n blou strik of iets. Sit dit op toonbank neer. Haal dokument tevoorskyn en wag dat die Poortwag teken.)*

BODE: Delivery for Blue. Express for Blue!!

*(Die Poortwag teken outomaties asof hy dit tienmaal 'n dag doen, wuif hom by die vertrek uit en gaan voort.)*

POORTWAG Raait. Dan sal ek hulle vir eers ma' net prep. En eers as hulle goed geprep is, kom ek mettie onnerhoude ennie questionnnaires.... ?

OK, OK, ek maak so. Ek wil ma' net sê as dittie manier is wat ons van nou of hierrie show innie Poort gaan run, dan sê ek jou nou dans ons naand nes daai lot innie-

Joune ook, man. Koebaai jy.

*(Smyt die foon met 'n drif neer.)*

Lat een hel net iets sê!

*(Skuif die venster weer oop. Pakket staan op toonbank. Die ander vier so nuuskierig hulle kan vrek. Poortwag gaan nou die Paradyskloof laat weet daar het 'n pakkie aangekom. Hy kan dit per spesiale interkom doen, of met 'n klok wat aan 'n blou tou hang. Enigiets in blou is reg. Skreeu in die interkom of in ’n mikrofoon met luidspreker:)*

Express delivery vir Blou! Express vir Blou!

*(Gaan dan ongesteurd voort met sy dialoog)*

POORTWAG Nes ek gedink het! Hoofkantoor sê julle het so baie endosments dis amper nie eers nodig virrie onnerhoude nie!
Sit net da! Ek kom sountoe virrie prep.

*(Kom by sydeur uit tot in die wagkamer)*

KILIAN Was daar in u gesprek met u hoofkantoor dalk enige verwysing na omgewingsvriendelike sleutelborde wat die probleem van vermoeidheid in die gewrigte so doeltreffend uitskakel?

POORTWAG *(Pouse)*
Dis nou `n tyd dat ek wragtig hard moet probeer om my nie in my moer in te vererg nie. Vir starters: Al vier van julle op `n ry daar. Nou kom die prep. Luister wat staan in die formulier.

*(Haal 'n paar indrukwekkende stukke perkamente of so-lets te voorskyn)*

Nademaal dit blyk uit `n Relaas van die Komitee van Morele Ondersoek dat u amptelik begunstig is om onder toesig van die Poortwag die gebied van die Heksrivierpoort te betree, en waar welke Poortwag bevoegde jurisdiksie beklee oor alle gebiede suid van die Overberg en begrens deur die Indiese en Atlantiese Oseane, word u hiermee in kennis gestel dat die oriënteringsprogram vir nuwe aankomelinge soos volg sal verloop.

*(Poortwag blaai verveeld verder)*

Nademal dit en nademaal dat. En dan weer `n keer `n paar nademale voor ons by die pit van die ding kom. Hoekom sal ek bodder met hierdie lang papiere. Dè Oompie, lees jy, ek ken dit uit my kop uit en julle is eintlik tog nie werd om dit aan te hoor nie.

*(Gee die dokument oor aan Kilian)*

KILIAN Met die allergrootste graagte. Dis vir my werklik bemoedigend dat u die protokol op hierdie formele wyse hanteer. U weet in die hoofstad is mens so gewoond aan korrekte formaliteite dat ek met die grootste genoeë die taak op my sal neem. Waar wil u hê moet ek begin?

POORTWAG Lees die program, man.

KILIAN Hier waar die dokument praat van die koetsier en die klein perdekoets? Wat sou daarmee bedoel word?

POORTWAG Hulle praat vannie koetsier wat die ordentlikes hier by die deur kom haal Kloof toe, man. Dissie gawe oom. En hy't `n treppie met wit pêre. Hy was eers `n Oubie, maar nou's hy nette oom. Sommer net een môre toe hoor ons die ding vannie omruil vannie Oubie ennie Oom. Hier so in 94 se kant toe die Oubie `n Oom geword het.

HERKLAAS Watse perde is dit?

POORTWAG Dis groot wit pêre! !

HERKLAAS Seker weer Clydesdales of Percherons? Heeltemal te lomp vir die soort werk.

POORTWAG Dis groot wit pêre wat hulle werk baie goed doen!

HERKLAAS Jammer dis nie Hackneys nie. Of Nooitgedachts nie. Teel baie beter in hierdie klimaat. Maar die Hackneys tel hulle pote beter op.

POORTWAG Dit het niks met jou te doene hoe hulle teel en hoe hulle nie teel nie, man. Of hoe hoog hulle pote is of nie!

CHERIE O, maar Herklaas weet baie van teel af, dit het ek nou self weer by die Landbouskou gesien.

*(Pousetjie)*

Stouterd!

KILIAN Die formulier gee ongelukkig geen besonderhede van die perderas nie, ook nie oor die besondere soort ligte koets nie. Slegs dat dit `n "elegante ligte koets" is. Miskien kan u vir ons sê.

POORTWAG Almal! Bly stil!

*(Amper moedeloos)*

Hoekom lees ek nie maar die hele ding self nie!

KILIAN Maar dis werklik geen probleem nie . Ek doen dit met-

POORTWAG Dis wit pêre met `n treppie!!! Ennie wit pêre het klokkies aan wat die heeltyd klieng-klieng-klieng. Dis met hierrie treppie wat die gawe Oom jou kom oplaai, net daar by die deur daar. Soos jy so wegry, dans dit net klieng-klieng-klieng. Ennie anners hier waai met koebaai-sakdoeke tottie klokkies heeltemal stil is daar ver innie Kloof. Dis dán eers wanneer jy proppers innie Kloof is en die goeiegeide eintlik eers begin.

O. K?

Raait! Lees nou verder.

KILIAN Hier is nou werklik interessante ander aktiwiteite. `n Gesellige middagete ter verwelkoming van nuwe gaste, dan middagrus, ligte sosiale sport, gesellige samesyn, aandete en `n opvoering. Hoogs interessant. Sosiale sport is altyd soveel eleganter as mededingende sport. En ook: wie sou die kunstenaars wees?

Die formulier gee ongelukkig nie besonderhede nie en miskien wil u so gaaf wees-om vir ons-

POORTWAG Alles meen maar net disse lang lunch.

GERARD Lunches is vir my absolutely divine!! Wie doen die tafels?

As jy kan sien watse amazing tafels Hendrikus doen! Maar dan moet die tafeldoeke absoluut-

Watse tafeldoeke is dit? Dit moet net wit wees hoor! En dan vat jy dit hoog op by die tafelpote ook, en maak dit so `n Elizabethan knoop net onderkant die hoeke. En hoë staanders vir die blomme. Maar dan moet mens weet watse blomme daar gaan wees. Ek hoop nie die blomme is te swaar nie want dan is die hele effek van die opgebinde knope van die tafeldoeke daarmee heen. Absolutely wasted if it's too dramatic!

KILIAN Dit wil my voorkom of die middagete besonder ontspanne is, bedoelende nou dat die gaste die Romeinse en Oosterse tradisie volg deur op kussings te sit-lê terwyl hulle eet. Die formulier is hier nie heeltemal duidelik nie.

GERARD Absolutely divine! Marvellous! How splendid! `n Romeinse middagfees! Druiwe en rooi port seker ook! En-

Die wynlys! Wie't die wynlys gedoen...? Ek wil nóú weet of die wynlys gedoen is!

POORTWAG Paaip down! Die wynlys is eerste gedoen. Niewe wyn vars yddie tyn!

KILIAN *(Keelskoon)*

Ja, alles baie ontspanne, wil dit voorkom.

HERKLAAS Ek wil nie op `n matras lê en eet nie. `n Matras is vir lê.

*(Pousetjie)*

CHERIE Herklaas!

GERARD How utterly vulgar! Dis nie matrasse nie, dis chaise longes waarop edeles die mees amazingste lunches gehad het en hulle die mees stimulatingste geselskap gehad het!

*(Veelseggende pousetjie)*

Asof so-iets met present company moontlik is. Want dit was alles eintlik intellektuele oefeninge.

KILIAN Aa! Laat my toe om ietwat daarop uit te brei. In die loop van my doktorale studies het ek op uiters stimulerende materiaal afgekom wat in diepte op hierdie besondere aspek van die sosiale gedrag van antieke volke ingaan. Daar was byvoorbeeld in die tyd van die Egiptiese vorste heelwat-

*(Op hierdie tydstip daag die sjarmante Gasvrou van die kloof se kant of op. Sy is haastig en onder druk. By haar is die Poortwag se Klerk. Uiteraard dra die Gasvrou 'n blou rosekrans, en die sekretaresse 'n groene. Die ander personeel noem die Gasvrou spottenderwys Miesies Ha-di-da. Nie hadida nie.)*

POORTWAG Uiteindelik! Is dit `n tyd om hier aan te kom.

*(Klerk beweeg vinnig na die kantoortjie toe en gaan sit agter haar tafel)*

GASVROU Hierdie dametjie van jou was tog so `n groot hulp. Op spesiale dae neem dit my ure om die tafels behoorlik te dek. As dit nie vir haar was nie, weet ek wat ek sou gedoen het nie. `n Duisend dankies, my skat. `So lief van jou! Nou waar is my pakkies?

POORTWAG (Gmf!) Daar is die goed. Kyk maar self.

GASVROU Ag dankie tog! Ek kan nie vir jou sê hoe verlig ek is dat hulle my spesiale bestellings afgelewer het nie. Ek was so in die verleentheid! Het hulle gesê of dit beide die kaviaar en die tulpe is?

*(Gasvrou stap op die pakkette af en bekyk dit)*

.

GASVROU Ag wat `n teleurstelling. Nou is dit net die kaviaar. Het hulle niks van die tulpe gesê nie? Ek sit met drie nuwe gaste by die hooftafel vandag en dis so spesiaal dat ons net eenvoudig besluit het dat vir hulle eerste middagete hulle-

POORTWAG Drie? Hoofkantoor sê dan net twee?

GASVROU Daar moet seker maar net `n fout wees. Ons faks lees duidelik drie. Wanneer dink jy behoort die formaliteite afgehandel te wees dat ons die koets kan stuur?

POORTWAG Nog `n hele tyd. Ek moet hulle nog eers klaar prep. En dan nog die onnerhoude. Maar is jy seker van drie, dis net twee, sê Hoofkantoor.

GASVROU O, maar daar is g'n twyfel nie. Beslis drie, en so is my hooftafel dan ook vandag gedek en alles voorberei.

Ag, wat `n jammerte en `n verleentheid is die tulpe nie! Wat gaan ek doen? Ek skaam my in die aarde in. En dit nogal op hulle eerste dag!

POORTWAG As dit vir hierdie lot van vandag is, moenie jou kop daaroor breek nie. Vir hulle distels en kakiebos. In sukke nimmenydbottels.

GASVROU Skaam jou.

POORTWAG Toenoumaar, special deliveries kom weer netnou.

GASVROU Laat tog maar dadelik weet as dit kom.

Dadelik, dadelik asseblief!

POORTWAG Maak so ja.

*(In die praat beweeg sy af)*

POORTWAG *(Nadenkend)*

Drie? Dit moet mos net twee wees. Hoekom kry Miesies Ha-di-da `n faks en ek nie?

GERARD Ek weet sommer ek en die dame gaan wonderlik kliek. Tulpe op staanders is `n konsep wat ek gladnie ken nie maar ek kan my voorstel dat as ons voorgereg kaviaar is, and most probably magnificently served with iced Vodka!, dan is-

POORTWAG Jy! Hoeffel onse is in daai pond van jou! Wie't gese jy gaan aan daai tafel sit! En hou nou op mens aanmekaar in die rede val. Anders strip ek nog my dinges vandag hier.

CHERIE Strip! Gaan jy strip! Ag hoe cute! Vra net vir Herklaas, eers kon ons nooit in Bloemfontein strip nie. Net eenkeer in so `n toe plek met die Sinode, maar nou met die nuwe wette en die-

POORTWAG Vroumens! Shaddap jy, Flerrie!

KILIAN Ontkleedanse was ook in antieke tye gewild. Daar is onomstootbare bewyse daarvoor.

GERARD Walglik!

HERKLAAS Stil jy! Strip is moerse.

*(Teen hierdie tyd sit die Poortwag al amper weer hande in die hare en kop onderstebo)*

KILIAN *(Begin agterkom dat hy eintlik verder moet lees)*

Wil u hê dat ek met die formulier moet voortgaan?

POORTWAG *(Hy knik woordeloos)*

KILIAN *(Maak keelskoon en gaan voort)*

Wat sou met middagrus en sosiale sport daarna bedoel word?

Hier is ook `n verwysing na gesellige samesyn voor aandete.

POORTWAG Hangmatte en kroukie op die lôn. En danssit koktyls.

HERKLAAS Sê dit iets van jukskei? Goeie tyd hier laatmiddag.

GERARD How utterly boorish!

KILIAN Dis werklik jammer dat daar tyd ingeruim is slegs vir Britse nie-mededingende sosiale sportaktiwiteite soos crouquet. Weet u dat in die hoofstad mens dikwels in aanraking kom met `n hele veeltal van sportsoorte wat op die vasteland hoogs populêr ge-

Ag, daar onderbreek ek nou weer self die formulier. My werklike verskoning! Aan u almal.

*(Sy oordrewe hoflikheid gaan by almal verby; hulle kyk hom onbegrypend aan)*

Goed waar was ek?

Die formulier is werklik in baie opsigte besonder volledig. Hier is `n nota oor kleredrag, nl. elegant, maar tog informeel.

Hoe sou u dit interpreteer?

POORTWAG Dis kêftens en sêndels.

GERARD Sandale! Tog net nie die soort met die oop tone nie! My voete is heeltemal te lank en te maer vir die oop soort. Ek lyk net eenvoudig te aaklig as dit nie van die toe soort is wat effens hoër kom nie. Hendrikus wil hom byna doodlag as ek net durf waag iets anders

aantrek! Toe gaan by heen en ontwerp die mees amazingste paar wat effens hoër opkom en die tone heeltemal toemaak. Simply stunning.

KILIAN Eienaardig dat die dra van sandale nie baie gewild in die hoofstad is nie. Ek vermoed dit het te doen met die effens formeler leefwyse wat nou weer op sy beurt `n oorsprong het in die talle buitelandse missies en ministeriële ampte wat `n hele ander etos afwentel tot op straatvlak.

*(Afwagtend)*

Figuurlik geproke natuurlik.

POORTWAG Praat jy nou van `n paar sêndels?

KILIAN Juis. Ek moet darem byvoeg dat informele sandale by `n informele los jurk in warm weer `n ideale kombinasie kan wees. Maar dis tog `n bietjie gewaagd en `n mens sal nooit weet hoe elegant dit onder wisselende omstandighede toegepas sal word nie.

GERARD Dis net daar waar almal altyd die fout maak. En hierdie fout lê nie net in die materiaal nie, dis in die styl, die kraag, die moue, simply die totale skepping. Ek sal dood as die materiaal iets anders as `n natuurlike stof is, dit moet net linne of sy of suiwer, suiwer katoen wees. En dan ook moet dit `n mandarin collar hê, met `n dun soom. And if not, you might as well forget it.

KILIAN Interessant ja, die Mandarynse kraag uit China is vir eeue al `n groot gunsteling onder ontwerpers. En nie net vir Chinese en ander Oosterse modes nie. Die Chinese het toevallig hierdie kultuur gedomineer. Die formulier gee ongelukkig nie nadere besonderhede van of die kraag of die jurk nie. Mens sal moet-

HERKLAAS Ek dra nie rokke nie.

CHERIE Oe! Herklaas, ek lag my `n kastrol as ek jou so in die krale en op die lande sien met die kaftans en die sandale. Of op die Skou! In die bulkamp! Of tussen die hingste!

HERKLAAS En dan skep die wind dit. *(Gee sy idee van `n laggie)*

Dan sal jy darem `n ding sien.

CHERIE Stouterd! !

GERARD Hierdie geselskap is absolutely revolting. Ek skaam my in die grond in. Absolutely no finesse.

HERKLAAS Ek praat nie oor rokke nie en ek lê nie en eet nie. Rokke en `n gelê-ery het `n tyd en `n plek.

CHERIE *(Giggel `n bietjie)*

KILIAN *(Kuggie, en gaan voort)*

Sonder om nou afbreuk te doen aan `n hoogs opwindende spyskaart soos dit hier in die formulier gesuggereer word, moet mens miskien waarskynlik eers aandag gee aan die opvoerings na die aandete.

HERKLAAS `n Konsert?

KILIAN Uit die aard van die saak is daar wisselende kunstenaars wat nie in die formulier opgeneem kan wees nie. Ook is dit nie duidelik of dit in `n formele teater aangebied word nie. Avant garde dalk vir kleiner gehore? In die staatsteater is daar verskeie kleiner komplekse wat ideaal vir hierdie soort opvoerings aangewend kan word. Die atmosfeer-

GERARD Marvellous! `n Soiree dalk, en die kunstenaars gesellig deel van die ete! Ek en Hendrikus het juis laasmaand vir die launch van die mees amazingste Designer Labels in die Terrace by Hyde Park die sitplekke vir `n soiree gedoen! Absolutely stunning was die aand! So relaxed also when it's all in English.

HERKLAAS Ek vra: is dit `n konsert vanaand?

KILIAN Nie noodwendig vanaand nie, wil dit uit die formulier voorkom. Maar

tog wel `n opvoering deur internasionaal erkende kunstenaars. Moontlik kan mens tog wel `n program by die nuwe gerekenariseerde besprekingsdiens bekom wat alle teaters in die hoofstad bedien.

GERARD Dis nie `n konsert in Pretoria nie! Don't be ridiculous!

HERKLAAS Ek wil nie konsert toe gaan waar hulle die heelaand resitasie opsê nie?

GERARD Now I give up!

HERKLAAS En ook nie as die dogtertjies twee-twee in die saal gaan klavier speel nie.

GERARD This is madness!

KILIAN Klavierduette is volgens `n onlangse opname deur `n bemarkingsorganisasie lankal nie meer so gewild as formele hofmusiek nie. Wat wel moontlik is dat daar uit die geledere van die gaste kunstenaars mag optree, spesifiek om `n gees van kameraderie aan te wakker. Wat dink u van die idee om dalk self op te tree? Wat sou u doen? Dalk self `n gedig voordra?

GERARD This must be the ultimate! Kuns uit Ventersdorp!

HERKLAAS Jy dare my!. Ek sal self `n blerrie resitasie gaan opsê, man. Ek ken `n hele boekvol.

*(Herklaas gaan neem die posisie in van iemand wat op `n kleindorp-konsert gaan voordra. Hy druk sy rosekrans hier half onder sy, een arm in, bakhande in mekaar, voete uiteen geplant, kyk daar doer)*

"VEGKOP"
"Bleek blink die seile,
ver teen die hang.
Swart kom die kaf-"

*PANDEMONIUM, CHERIE DRUK HAAR HAND OOR SY MOND*

POORTWAG Stop! Shaddup! Waar's security?

GERARD Stil jy! Hoe kan jy! This is totally unacceptable! Totally!!

*(Dan pousetjie en 'n doodse stilte as almal weer op hulle plekke is)*

HERKLAAS -fers!

*(Indien onverstaanbaar vervang met:)*

Kom die kaffers!

*(Of sê die sin weer net tot by kaf- wanneer Cherie sy mond toedruk. En dan:*

-fers!

*(Herhaal pandemonium; Cherie sit weer haar hand voor sy mond. Die situasie sal die regisseur lei.)*

POORTWAG en GERARD:

Shaddup! Daar sê hy dit weer! Bly stil! Moenie dat by verder praat nie!

HERKLAAS -met driftige drang!

GERARD Absoluut aaklig! Onopgevoede bees! Tipies! How dare he!

POORTWAG Selle soos daai man met die perd! Dis hulle daai! Jy sal net sien wat gaan mettie onderhoude gebeur. Kolekamer, dis wat ek sien!

Waar bly daai blerrie faks dan! !

*(Dinge begin `n bietjie bedaar. Uiteraard verstaan Herklaas nie waaroor die bohaai gaan nie.)*

*NOTA: BEGRYPLIK KAN DAAR BEDENKINGE OOR DIE RASPEJORATIEWE VERWYSINGS WEES. DIE GEDIG KAN OOK MET DIE BEKENDE "Engels, Engels, Engels! Alles Engels! Engels wat jy sien en hoor!" VERVANG WORD. MAAR DIT SAL `n SKADE WEES.*

CHERIE *(Sy gaan staan by Herklaas)*
Ag shame, Herklaas.

KILIAN *(Kuggie, ens.)*
Ja, ek glo dat u keuse van die besondere gedig miskien nie heeltemal in almal se kraal sal val nie. Miskien moet ons liewer vir die dame hier vra aan watse vermaak sy gedink het. Kultuuraangeleenthede, naaldwerkklasse, kook en geniet, soos net dames kan?
Cherie ...... is dit nie?

CHERIE Jy's seker in jou dinges gedinges! Nes daardie ander suster van my, vier kinders en `n man en bolle wol en potte vol kos met snyblomme en rankrose tussenin. Knip en rangskik en knip en rangskik die hele dag. Boonop nog: haar familie kan maar net hulle vingers klap en dan sit sy nog voor die naaimasjien ook! En weet jy, so `n naaimasjien kan vir jou gedaan maak, hoor. Daardie sus van my is party dae gedaan geknip en genaai.

KILIAN *(Keelskoon)*
So.... watse vermaak het die jonge dame dan in gedagte gehad? Nie kook en geniet nie?

CHERIE Kook....? En dit nog geniet ook... ! In watter van jou bolle is jy gepik? Vir my `n disko!

GERARD `n Disko! How disgusting!

POORTWAG Daarsie disko's en raves innie Kloof nie, Flerrie! Dis vir konserte en vir live performances! Issit vir jou net die heeltyd mans en drank en hoogskop?

HERKLAAS Sy is Cherie! Nie Flerrie nie. Jy hoor heeltyd verkeerd.

KILIAN Ja, die naam kan nogal verwarrend wees. Ons het hier te doen met beide assonerende en allitererende klanke in die binnerym van die twee name. Dit sou `n hoogs interessante studie kon wees om-

POORTWAG Oompie! Gee daai blerrie formulier vir my! Ek is nou net mooi keelvol! Tot hierso toe! Ek weet nie hoekom julle virrie Kloof gebrief moet word nie. Julle gaan nie daar uitkom nie.
Sit daar en luister!
Raait! Ek begin by brekfis. Dis oppie View Terrace.
Danssit tennis en golf ennie hydro en boeklees en so gattit aan tot by lunch. Dan begin als weer van vooraf.

KILIAN Verskoning. Is daar miskien `n verwysing na die keuse van boeke, of is die leeskamer so ingerig dat-

POORTWAG Stil!
Raait !
Ek moet nog sê van daassie overdrafts nie, en VAT nie, en HP's en swart lyste en gêngs nie, ennie kinders het nie snotneuste nie en jou span wen elke Saterdag.

KILIAN Dis nogal `n teleurstelling moet ek sê dat daar blykbaar geen geleentheid gaan wees om die nodige leiding te kan verskaf op

finansiële gebied nie. Is daar iets oor erfreg en boedelbeplanning wat as `n-

HERKLAAS Watse spanne speel Saterdag?

POORTWAG Dis Heksrivier se Poort hier man, daar's net een span! Die ene Agter die Berg en Voor die Berg is saamgegooi en dis alles nou net die Poortspan. Blou en wit strepe. Bruin kollers.

*(Swaai die dikkerig boek of dokument rond)*

Wat ek hier sê, staan alles nog net in die eerste hoofstuk. Hier verderaan sê dit nog van baie ander goeiegeide. Van Niewejaar en van konsert hou. Snoek en smoorpatats, ennie Sydoos nette bietjie op Donderdae, en dans ammal yt oppie skyde. Oppie Parade voellit heeltyd soos mettie Klopse.

Dis soos die Kloof is.

Net jammer julle sal dit nooit sien nie. Want wat julle gaan sien, is net die regte plek vir julle.

*(Raak weer in sy element, kan weer hiet en gebied)*

Almal hiernatoe! Klaar met die Kloof se lekkergeide. Nousit die Kolekamer.

*(Die Poortwag kry almal aan die kant van die verhoog waar hulle met groot ontsteltenis in die Kolekamer ter Helle afkyk. Almal behalwe Herklaas reageer met vrees. Herklaas wys niks nie. Redelik neutraal voorlopig.*

POORTWAG Waar dit nou vir my lekker is, om julle te prep virrie Kolekamer. Nou praat ons van rooi halos ennie manne van Security. Innie een hand het hulle hulle shokstokke en innie anner hand hou hulle `n Alsatian aan he helse dik ketting vas. Die ketting is so dik omdat die Alsatian so bedonnerd is. Vat stront van niks nie.

Kyk net hoe skrik daai een met die tattoes en die ponytail vir daai swart hond met die lang hare wat so loop en happe uitdeel! Lekker! !

*(Verwagte reaksie van almal. Miskien skuil hulle so half-half agter Herklaas)*

GERARD Aaklig! Simply awful!

POORTWAG Stil jy. Ek het nog nie eers begin nie. Sal ek bietjie begin sê vannie reëls ennie regulations innaai groot boek van die Kolekamer? Vannie kool ennie viskoppe. En sonner inval-en uitvaldoppe? En daarse kortbroekoompie met `n pens en `n sambokkie wat lekkerkry soos by slat. En môre weer slatte oppie rowe. En oor weekeindes jaag hulle julle inne kraal en gooi julle met klippe.

GERARD This is beyond me!

POORTWAG Moet ek sê vannie klere? Jy met die toemaak-sêndels, wat van die klere?

GERARD *(Nog steeds witgeskrik)*

Niks nie. Nee niks nie.

POORTWAG Niks nie? Wil jy nie wiet vannie designs nie? Weet jy watse designs dit is?

GERARD *(Begin stadig herstel)*

Designs? Watse designs? Moet net nie vir my sê dis weer van daardie horribale Amerikaanse goed van laasjaar nie. Too frightful for words.

POORTWAG *(Bekyk hom meewarig)*
Kom ek sê jou. Skoene is uit. Net tyre-sêndels, khaki-shorts en oumanshemde met ronnenekke. Almal dieselfde, mans en vrouens.

GERARD You must be joking. Hemde met ronnenekke!

POORTWAG Virrie baie werk kry vrouens net sukke lywe soos die mans, en jy met jou headlamps wat die heeltyd wil uithang, jy ook!
`n Lekker manslyf vir jou!

CHERIE `n Handsome lyf met spiere en bulte!

POORTWAG As ek so kyk, lyk die oompie yt Pretoria yt se lyf net mooi reg vir jou. Kyk hoe staat sy bulte!

*(Almal kyk met simpatie vir Cherie na Kilian se oompie-lyf. Cherie amper in trane)*

CHERIE Herklaas! Hoor net wat sê hy daar! Ek wil nie soos die oom lyk nie.

HERKLAAS *(Bekyk Kilian op en af. Stap om hom)*
Sy bulte maak sy spiere toe. Joune is andersom.
By die skou gesien.

CHERIE Oe la la! Stouterd.

*(Nou daag die Bode weer op en skreeu hard:*

BODE: Delivery for Red! Express vir Red!

*(Dieselfde roetine vantevore speel hom weer af. Poortwag teken en wuif die Bode weg. Pakket is hierdie keer swaarder en dit staan op die vloer.*
*Die Poortwag skreeu na die rooikant toe hierdie keer. Rooi klok of wat ookal tevore vir blou gebruik is.)*

POORTWAG Delivery vir Rooi! ! Express vir Rooi!

*(Gaan voort met sy dialoog)*
As ek my faks gehad het, het ek julle al lankal innie onnerhoude gegrill dat julle wiet dat julle gegrill is. Inne onnerhoud is daar g'n geliegtery en gewegkruipery vannie slegtigheide af nie. Alles straight on the laain. Veral hierdie oompie en hierdie fensie outjie. Sil ook sommer innie onnerhoud kan hoor hoekom jou boudjies so naby aanmekaar sit. Dis wat!

*(Deurklokkie lui of een of ander onaangename geluid. Nou kom die Slawedrywer binne. Rooi sweetband. Dra sambok of kort sweep of so-iets. Slaan `n slag op die grond. Die Slawedrywer sal lyk soos mens jou so iemand in antieke tye voorstel. Wreed, met armbande dalk, breë leerbelt met yster beslaan, ens.)*

SLAWEDR Waar's dit?

POORTWAG *(Wys na die pakket op die grond)*
Daarso.

*(Slawedrywer stap op die pakket af. Ruk die papier hardhandig af, haal iets soos kettings uit, gooi dit terug. Krap nog in die boks rond)*

My nuwe sweep nie gekom nie?

POORTWAG Hulle het niks gesê nie.

SLAWEDR Ek het dit vroegdag al bestel. Hierdie oue van my is gedaan?

Wat gaan ek nou maak?

POORTWAG Dis g'n so erg nie. Dalk kom Express weer later.

SLAWEDR Dis erg ja. Ek kry vanaand inspeksie en ek het drie nuwes wat ek nog voor laatmiddag moet inbreek.

POORTWAG Drie? Dis net twee. Hoofkantoor het laat weet TWEE!

SLAWEDR My faks sê drie. En my tyd is kort. Wanneer is jy klaar met hulle?

*(Die reaksie van die vier gepoptes dwarsdeur hierdie toneel kan maklik alles oorheers, en die versoeking vir die spelers sal noodwendig groot wees om dit te doen. Versigtig vir oorspeel, maar die stuk maak staat op hulle meelewende reaksie)*

POORTWAG Kan dit gladnie verstaan nie. Ek het self met Records gepraat en hulle het duidelik gesê dis twee. Daar's nou heeltemal `n bolsop, want Miesies Ha-di-da van die Kloof dink sý kry drie.

SLAWEDR Ek kry drie!

*(Klap met sweep op die grond)*

Dit gaan nie weer `n verneukspul afgee soos laas met die taxi-bakleiery oppie Cape Flats nie. Ek is moeg om net die oorskiet te kry as Miesies Ha-Di-Da eers klaar is. Die skoot met die drugs het sy ook drie ekstras gekry. Dis uit! Hierdie keer vat ek wat myne is. Sommer `n ekstra ene ook.

*(Kyk `n slag so terloops na die groepie)*

POORTWAG Daars g'n so `n ding nie. Strictly soos die orders is. Strictly!

SLAWEDR Ek sê maar net. Ek sukkel my as of om te maak soos die base sê en dan kry ek die oorbly-gemors om mee te werk. Is dit vandag se lot hierdie?

*(Slawedrywer verwerdig hom vir die eerste keer om behoorlik na die vier karakters te kyk wat verbysterd op `n hopie agter Herklaas probeer skuil)*

Hulle is useless. Kyk hierdie een met die hoed.

*(Vir die eerste keer reageer Herklaas. Hy bekyk die Slawedrywer op en af, stap om hom, kyk lank na die sweep in sy hand)*

HERKLAAS Julle met oppas vir hom. Hy gaan lastig wees met sy sweep.

*(Nou is dit die Slawedrywer se beurt om Herklaas te bekyk. Herhaal presies dieselfde aksie en stap naderhand ook om Herklaas. Goeie kans vir reaksiespel deur almal)*

SLAWEDR Wie's hierdie een? Ek wil hom nou al hê.

POORTWAG Los hom net daar! Hy's nog nie eers klaar geprep nie. En dan is dit nog die onnerhoud ook.

SLAWEDR Maar ek boek hom as dit kan.

*(Klap nog `n slag met sy sweep op die grond en begin wegbeweeg.)*

Baie lus vir hom. Eintlik maar vir almal van hulle. Hulle sal goed perform. Kyk net hierdie een met die boude wat so inmekaar knyp. Dis die soort wat lekker hoog spring. Hm. En hierdie outoppie? Is hy

die een wat die kinders se geld gevat het? Hm.
Gehoor daarvan by vanmore se briefing by die geesvang. Hierdie een neuk met mans, ek sien dit sommer. Hm.
Laat my weet van my sweep. Maar dadelik, hoor.

*(Slawedrywer is nou feitlik af)*

HERKLAAS *(Agter hom aan)*
Haai jy! Kom terug!
*(Aan die Poortwag)*
Sy kop kap aan.
*(Skreeu weer)*
Jy!

*(Slawedrywer terug op verhoog)*

SLAWEDR Hoor ek reg?

HERKLAAS (Aan Poortwag) Hy's nog doof ook.

SLAWEDR *(Klap-klap liggies met sweep op grond. Verstom)*

Kan ek  hom boek en sommer nou vat?
HERKLAAS Kan julle nou sien by gaan lastig wees met daardie sweep van hom.
POOORTWAG Stadig-stadig nou! Moenie die moeilikheid nog groter maak nie.
HERKLAAS Maar sy kop kap aan. Hy kom haal sy kettings en dan los hy dit net hier.

*(Tel die boks kettings op en gaan gee dit vir die Slawedrywer)*
Dè.
Loop nou maar.

*(Almal eintlik te oorbluf om iets te sê. Slawedrywer amper verslae tot by deur.)*

HERKLAAS Jy moet sien ook, hy hou die sweep verkeerd.

*(Die Slawedrywer gaan staan. Draai nie om nie)*

HERKLAAS Dis hoekom by hom so dofslap laat klap. `n Sweep moet skerp klap voor op die voorslag. Wil jy hê ek moet jou wys? Gee hier.

*(Voordat iemand nog kan herstel het Herklaas die sweep gevat en `n paar vinnige klappe op die vloer ingekry.)*

Loop oefen nou. En hou jou gewrig reguit.

*(Slawedrywer verstom af. As by aan die agterkant van die deur kom, kan die gehoor sien by bekyk sy gewrig en die sweep. Van nou of sal hy voortdurend, maar ongemerk, sy gewrig bekyk as hy met die sweep klap.)*

POORTWAG Ek ken stront as ek hom sien kom.
*(Wuif effens verdwaas)*

Hallo stront.

HERKLAAS Dit was dieselfde laaskeer op die skou met die Engelsmannetjie wat bulle gesoek het vir sy nuwe plaas in die Kaap. Hy soek van my jong bulle, sê hy. Hy het ook so met `n sweep op die grond staan en slaan. Dieselfde soos hierdie dowe een met die ysterbelde en die vest.

*(Nou speel Cherie die toneel vir die Poortwag wat al moedeloser en kwater raak)*

CHERIE Maar hy het `n wit baadjie gedra, moet jy weet. En `n Panama-hoed. Met `n lint om die hoed. En by het nooit die vierde bulletjie gesien nie. Die was reg agter hom. Dis toe hy weer so klap. En dit was nie eers hard nie.

HERKLAAS Seker ook doof gewees.

CHERIE Moes wees! Want die bulletjie kom toe van agter af maar die Engelse outjie hoor niks. Shame.

HERKLAAS Dan kon by ook vroeër begin hol het.

CHERIE Hy moes ook nooit so aanmekaar met die sweep geklap het nie. Of dalk was dit die hoed met die lint, so `n rooi lint, wat die bulletjie so kwaad gemaak het.

HERKLAAS Of dalk so in Engels vir hom skreeu. My bulle verstaan nie Engels nie.

CHERIE Shame.

HERKLAAS Ja, doof is vreeslik.

CHERIE Ek sê agterna vir Herklaas mens kan nie dink dat mens soveel verbande en pleisters op so `n maer outjie kon opgebruik nie. En nog `n hele blikkie pienksalf en nog al die merkeurekroum in Herklaas se ma se groot spens daarby.

HERKLAAS Wys jou net hoe's doof. Daar was die skoot toe-

*(Groot kabaal en ghongslag as die faks skielik begin loop en die Poortwag en Klerk alles los en nader hardloop.)*

POORTWAG Daassei! ! Daassei! ! ! Lekker! ! ! ! Hier's my faks! ! Nou gaan dinge beginne!

*(Die Poortwag en Klerk kry die faks uit die masjien en hy stap triomferend nader, een hand in die lug.)*

POORTWAG Hier staan dit alles. Swart op wit. Net so van hoofkantoor se rekords af.

*(Prewel terwyl by lees. Kan sy vreugde skaars bedwing.)*

En dan nog die beste van alles. Lyster-lyster! Hoofkantoor sê hierdie een is nette begin, nette partial report. Want hulle is nog besig om back-up reports uit die archives te probeer maak en dan stuur hulle dit met express delivery `n bietjie lateraan.

Lekkerr! ! ! !

DR KILIAN U sal waarskynlik begrip daarvoor hê dat ons deelname in u vreugde waarskynlik `n bietjie getemper is weens ons totale onkunde oor die aard en inhoud van die faksimilee. Miskien wil u dit oorweeg om ons ook in te lig en deel te maak van die.... goeie nuus wat u so pas ontvang het.

*(Gee so 'n paar ongelukkige laggies tussenin)*

Ek en my kollegas hier voel...... werklik verlig dat die onsekerhede oor ons ....verledes uiteindelik nou opgeklaar gaan word. Ek dink-

POORTWAG Julle verledes! ! Presies! Dis wat hier staan ... dat twee van julle! Jammer dis nie alvier nie! Dat twee van julle met `n bedrogspul in julle verledes hier innie Poort aangekom het, en dat, selfs al kry ons nie die backups nie ek dit so maklik soos paai innie onderhoude sal uitvind. So maklik soos paai!

DR KILIAN Maar nou het u nog nie vir ons gesê wie hierdie twee .... e.. skuldiges is nie. Uiteraard het die twee onskuldiges onder ons niks te vrese nie, maar mens sal nogtans meer oor die inhoud van die faksimilee wil verneem.

POORTWAG Oompie jy lyster nie. Hier staan dit swart op wit ek moet vir julle innie onderhoude grill totlat die skuldiges uitkom. En omdat ek allie triekvrae ken, is dit so maklik soos paai!

DR KILIAN Wat u klaarblyklik bedoel is dat u hoofkantoor nie die twee.....skuldiges kon identifiseer nie en dat u dit gedurende die onderhoude sal probeer vasstel. Miskien wil u vir ons sê wat die eienskappe is van die twee ..... ongelukkiges wat met hulle verledes bedrog gepleeg het.

POORTWAG Eienskappe.... ! Ek het julle lankal al klaar deurgekyk. Soos ek julle hier sien, is julle soos julle is met julle skelmgeide dydelik hier voor op julle gesigte. Ek gee julle net een kyk dan wiet ek, niks wat julle kan wegstiek of verander nie. Alles dydelik hier voor op julle voorkoppe. Niks wat julle kan wegstiek nie.

KILIAN Verskoning asseblief.. ! Op `n punt van orde. Die eienskappe van die twee ongelukkige individue ... Watter eienskappe bedoel die faksimilee?

POORTWAG *(Sarkasties)*

Watter eienskappe.....! Lyster my oompie, jy dink jy ken hoghe woorde, maar wat van hieries waarmee hoofkantoor hierie twee bedrieërs bles? Dit sê hier van witgepleisterde grafte, van onderkruipers, huigelaars, Fariseers, voordoeners, verdoeselaars, beliegters ... ... ! en nog baie ander woorde wat nog net in dik boeke staan...... ! Hoofkantoor se volgende faks sal sê wies wie.

DR KILIAN Beklemtoon die faksimilee egter die feit dat slegs twee van die vier van ons onder hierdie ongelukkige wolk van verdagting hier voor u staan.... ? Het u al daaraan gedink dat die ander onbekende twee... onskuldiges dalk nie hier voor u staan en hulle ware kleure ten toon stel nie. U besef tog dat-

POORTWAG Hulle ware kleure...! Jy meen nou julle is eintlik nie soos ek julle sien nie? Bietjie anders dalk? Hoor bietjie hier.... ! Hoor wat sê Hoofkantoor...!

*(Triomfantlik met die faks in die hand gaan staan hy een vir een voor die aangeklaagdes. Lees uit die faks. Die Poortwag sal soms sy gesig byna in hulle gesigte vasdruk, hulle as' t ware voorkop teen voorkop aankla. Die betrokke aangeklaagdes reageer elkeen op kenmerkende wyse.*

*(Aan Gerard)*

Jy...... ! Is jy dalk die ....die charlatan, `n Beliegter.....! `n Tweegatjakkals...... !

Skaam vir jou!

*(Aan Cherie)*

Of jy..! Wat anders as `n..... verdoeselaar....! Misleier, `n kontorsionis..... 'n horingdraer ....... !

*(Aan Kilian)*

Of wat van jou! Boerebedrieër, swendelaar, pretendeerder,

femelaar...... ! `n Kweselaar ... ... ! Swernoot!

*(Aan Herklaas)*

En wat is jy anders as `n manteldraaier, `n hipokriet ... ...! `n Pilaarbyter!!

Laat ons hierie plek regkry virrie onnerhoude!

*(Aan Klerk)* Moef as ek sê moef.... !

*(Almal kom in beweging. En ons vier helde is op `n bondeltjie bymekaar, waarskynlik agter Herklaas.*

*GORDYN*

# NOG `N BEDRYF

`n Rukkie later

*(Die verhoogpunte bly min of meer dieselfde, maar die Poortwag het `n paar klein veranderinge aangebring deur 'n lessenaar of kateder so te skuif dat die indruk geskep word van `n verhoor wat plaasvind. Hy en sy klerk is nou albei agter hulle afskorting uit. Die vier aangeklaagdes is vermoedelik buite in die portaal wat mens egter nie kan sien nie. Miskien kan mens die Poortwag se kleredrag so 'n bietjie met 'n manel of krawat of pruik aanpas.*
*Hy slaan met 'n helse hamer op sy lessenaar.)*

POORTWAG Die Poort roep Gerard Vand-Ernest.

*(Klerk na die Ingang na die Portaal. Skreeu na binne.)*

KLERK Die Poort roep Gerard Vand-Ernest!!!

*(Sy kom weer terug. Niks gebeur nie. Na `n rukkie se rondkyk en wag. Slaan weer met die hamer.)*

POORTWAG Die Poort roep Gerard Vand-Ernest.

*(Klerk weer na die ingang van die Portaal. Skreeu weer.*
*Sy kom terug, gaan sit weer. Weer gebeur niks nie. Nog 'n keer die hamer. Roep weer.)*

POORTWAG Vir die derde maal: die Poort roep Gerard Vand-Ernest!

*(Klerk weer `n keer na die Ingang.)*

KLERK (*Skreeu* ) Jy! Jy meddie saaits..... ! Die Baas soek jou.

*(Nou vererg sy haar, stap deur die ingang en kom weer tevoorskyn, hierdie keer met Gerard aan die oor.)*

POORTWAG Nog `n dowe.

*(Slaan weer met die hamer)*

Contempt vannie court lykit my!

*(Gerard is nou in sy nuwe rol, skud hom reg en probeer langtree stap na die ingang tot die Paradyskloof. Praat met growwer stem, kortom, doen enigiets wat hom bietjie meer macho sal laat voorkom. Sit bv. onnodig wydsbeen, druk sy duime order sy armholtes in asof by `n onderbaadjie aan het, ens. Begin praat en kyk die Kloof in.)*

GERARD Môre, môre Boere! ! Hoe's dinge vandag?
*(Pousetjie)*
Die gras is baie. En... en... die wind gaan waai.

*(Die reaksie van die Poortwag en sy Klerk moet liewer een wees van totale verbystering en stilte as Iets anders.)*

Wanneer dip julle?

*(Gerard het sy lyftaal nou mooi aan die gang en tuur nogmaals die Kloof in.)*

Seker duur om te dip.

POORTWAG *(Begin so stadigaan herstel)*
Wadde hel ........? Wat dink jy maak jy..?

GERARD Ek vra hoeveel keer dip julle..?

POORTWAG *(Kom agter sy kateder uit)*
Lyster vir my, jy Mister Gerard Vand-Ernest!
Wie dink jy is jy?

GERARD Wie.... ? Gerard Vand-Ernest.... ?
Seker `n fout. Ken gladnie so `n persoon nie.

POORTWAG `n Fout? Jy ken nie so `n persoon nie.... ? Is jy in jou blerrie bol getik?

GERARD *(Wys met die vinger)*
Moenie so vloek voor ...vroumense nie, hoor..!

*(Stap weg met sy nuwe diepstap treë)*

Maar tussen ons mans maak dit seker nie saak nie, wat.
(*Lag*) En die juffrou is seker ook al gewoond daaraan om na ons rowwe praatjies te luister... ! (*Lag weer*)
Nou ja waar was ek nou weer? O ja, by die baie gras en die wind wat gaan kom. Waai die wind hier van al die kante af?
By my op die plaas is dit net van die een-

POORTWAG Lyster! ! ! ! ! Nou bly jy stil. Laat ek my hamer kry!

*(Slaan met mening)*

Gerard Vand-Ernest! Hierie Poort kla jou aan vir contempt. Contempt innie vierde graad !

GERARD Aaa! Daar weet ek wat die fout is! Dis die naam!

POORTWAG Die naam?

GERARD Die fout is by die naam. Ek is gladnie hierdie...... Gerard Van-Ernest nie! Watse snaakse uitlandse naam is dit nie, nè. Nee, is gladnie hierdie mens nie. Gladnie.

POORTWAG Gladnie.

GERARD Gladnie. Ek is heeltemal iemand anders.

POORTWAG Jy's iemand anders?

GERARD Presies. Iemand gladnie soos hierdie ...Gerard Vand-Ernest nie. Ek het hingste en bulle.

POORTWAG Bulle en hingste. Watse hingste?

GERARD Hulle...hulle tel hulle pote so hoog op.

POORTWAG Ek sien. Hulle tel hulle pote so hoog op? En jou beeste?

GERARD Ek het niks beeste nie. Net bulle. Dis by Makokskraal. En hulle kan nie Engels praat nie.

POORTWAG En jy sieker ook nie?

GERARD Ag jy weet mos hoe gaan dit op `n plaas. As ons op die plaas nog by

ies en aar is dan trek die mense op die dorp al by hês en hêv. Dis by Ventersdorp waar die dorp is.

POORTWAG Ek sien. Nou het jy sieker ok ’n naam vanne plaas af?

GERARD Ja.

POORTWAG En...?

GERARD En wat....?

POORTWAG *(Kan dit net nie meer vat nie. Weer sy hamer.)* Wats jou blerrie naam man!

GERARD Gert. *(Spreek dit Sjert uit)*

POORTWAG En het jy dalk ’n van ook?

GERARD ’n Ou boerevan. Uit die volk. Van die volk.

POORTWAG Agso, en nou issit nie meer Vand Ernest nie! Assek nou net perdalks mag vra: wat is hierie van vannie volk en yddie volk yt?

GERARD: Van der Nest. Aangename kennis en bly te kenne.

*(Gerard kom met uitgestrekte hand aangestap na Poortwag toe)*

GERARD: Skud dit daar. Ou Boeregewoonte van die plaas af.

*(Die Poortwag skud verdwaas hande)*

GERARD: Nou ja, laat ek sien wat gaan vir wat hier.

*(Gaan kyk by die Kolekamer of en skrik hom eintlik weer van vooraf oor `n mik maar probeer dit goed wegsteek)*

Dis.... dis nou vir jou `n...plek hoor. Kyk...kyk die ou vette met die vlegsel. Jy..jy moet hom skop. Hy mors met die kole, vat net halwe grawe... ! Daar's die maere ook. Hy.... hy....

*(Teen hierdie tyd is by skoon siek van skrik en vrees. Gaan dapper voort)*

Ek dink die voorman gaan kwaad wees vir hom.

POORTWAG Kom jy net weg daar.! Laat ek jou nou vertel wat gaan gebeur.

*GERARD (Kan nie gou genoeg daar wegkom nie.)*

Die... die plek kort `n baas se hand.

*POORTWAG (Slaan weer met die hamer)*

Nou gaan jy doodstil hier voor my sit. Ek wil mooi hoor. Jy is Gert van der Nest.

GERARD Presies.

POORTWAG En jy boer met bulle wat nie kan Engels praat nie. En met hingste en mielies en jy gaan sieker Bloemfontein se skou toe en jy neuk sieker met vroumense en jy't plase in Ventersdorp en jy's lid van die kopperasie in Makokskraal. Selle soos die man met die perd en die baard en die karwats en die onnerbroek.... ?

GERARD Die te grote ja. Die perd s'n meen ek.

POORTWAG Ek sien. En wat kan jy my nog vertel van jou connections met hierie man met die perd en die karwats?

GERARD Wie...? O hy... ! Daai bleddie kommunis.. !

POORTWAG *(Hamer)*
Wat jy my vertel, is dat jy nie `n designer is nie. Nie tafels dek nie, nie sendels met toe punte het nie, sieker ook nie in Gauteng bly nie, sieker-

GERARD Transvaal man, Transvaal! `n Naam uit die volk vir die volk!
Vergeet daardie politieke Gauteng storie. Ons praat soos ons praat.

POORTWAG Ek sien. Ons praat soos ons praat. Dan ken jy sieker ook nie vir Hendrikus nie?

GERARD Hendrikus...? Wie's dit...?

POORTWAG Dissie ene wat die amazingste designs maak. Hy't sukke maer hande. En dant hy so `n krom kriem computer.

GERARD Designs... ! Seker weer en of ander bleddie klein trassie in `n Ingelse plek.
Nee, ek ken kom gladnie. Jy's doodreg.

POORTWAG Ek sit nou en wonnner... Wat gaan ek maak met my kop wat so aankap...? Ek raak so deurmekaar met almal wat hier aankom dat ek-

*Ghongslag of Iets wat die aankoms van die Slawedrywer aankondig*

POORTWAG Aaa! Die Slawedrywer van die Kolekamer! Net die man wat ek soek.

*Gerard skrik gepas as die Slawedrywer sy verskyning maak. Die kyk soekend rond.*

Net die man. sê my wat-

SLAWEDR Hoe lank gaan ek nog vandag vir my swepe wag! Hoe moet mens jou werk doen as die Base jou nie help en ook hulle kant bring nie! Beloftes, beloftes en niks gebeur nie. Dalk tyd dat ons hier bietjie met daardie vakbondmanne praat.

*Die Slawedrywer slaan weer so `n paar slatte op die vloer en Gerard het gemengde reaksies. Probeer herstel.*

GERARD Hoe..... Hoe gaan dit met jou ore?

*STILTE*

Ek vra....... Ek vra of jou doofheid al beter is.

*Die Slawedrywer kyk onbegrypend van die een na die ander*

*GERARD* *(Skreeu nog steeds)*
*Jy het seker nie mooi gehoor nie.... !*
Die klok vir die swepe het nog nie gelui nie!

*(Nog geen reaksie nie.)*

GERARD Shame.

SLAWEDR Is hy.... e.... ek meen is hy.... ?
*(Draai sy vinger by sy kop so in die rondte)*

POORTWAG Hy is, ja. En baie ook. Maar hy dink ek kan nie deur sy trieks sien

nie. Wonner of jy hom nie ma' sommer nou al moet vat nie. Dis hom! Kom hier jou klein mislikheid.

GERARD (*Reageer hewig, vergeet vir `n oomblik sy nuwe rol)*

Jy... Jy't gebelowe van die onderhoud eers!

SLAWEDR Onderhoud se gat, man!

GERARD Gedra vir jou, man! En... en moenie so op die vloer met die sweep klap nie, gehoor. Dis.... dis...Jy klap verkeerd. Jy moet jou hand ....... anderster hou. Meer reguit. So.

*Slawedrywer stap verergd nader; Gerard rittereer.*

SLAWEDR As ek nie nog vandag hierdie mislikheid se knypboudjies vir hom uitmekaar skeur nie! !

*Gerard probeer herstel en begin weer sulke lang tree gee. Slawedrywer agter hom aan.*

GERARD Fout! Fout! Kyk... ! ek het uitmekaar boude en ek gee lang treë! Kyk...! Jy's deurmekaar! Dis die ander een. Die ene van die designs!! Ek boer met bulle en hingste! Ek's Gert van der Nest! En ek neuk met vroumense. In Bloemfontein. By die skou! Fout, sê ek jou!

SLAWEDR Klein liegbek.

POORTWAG Dis hy wat die tweegatjakkals moet wees! Net hy!

(*Slaan weer met die hamer. Daar kom stilte.)*

POORTWAG: *(Vir Slawedrywer)*

Los hierdie klein misbaksel vir my. Niks met jou te doen nie. Weg is jy tottat ek jou laat roep. Toe-toe!

SLAWEDR *(Terwyl hy afbeweeg)*

Solank die ou antie hom nie kry nie! Want ek soek hierdie klein liegbek. Boek hóm ook sommer vir my.

*(Slawedrywer af)*

GERARD *(Baie verlig)*

Ek kan sien jy...jy is deurmekaar met die jakkalse op my plaas. Ek ... ek boer in Bloemfontein. Of nee, waar's daardie plek van die mielies nou weer? Jy praat ook heeltyd voor my in. Waar was ek nou weer?

POORTWAG Jy was daar waar jy wou gelieg het oor die tweegatjakkalse.

GERARD O ja. Ek meen nee.

*(Besef sy rol wat by moet speel. Gaan slaan wydsbeen.)*

O ja, van my jong bulle. Moet ek sê van die dowe Engelsman wat-

POORTWAG Sê...? Jy... ! Jy't niks meer te sê nie, man, want jy lieg so dat as jy nog een woord verder sê roep ek Security ennie Alsatians. Net een woord! Laat ek eers met die ander klaarmaak. Voor hierdie dag nog om is, is jou back-up file lankal hier en dan sal jy `n treinsmesh sien! Loop sit buite in die wagkamer... ! Uit hier!

*(Gerard verward en vinnig af.)*

*(Aan Klerk)*

En gaan roep daai flerrie wat so met die mans neuk.

*(Sy pruik het half skeef getrek en hy sit dit nou weer reg. Slaan ook met die hamer.)*

Die Poort roep Cherie Swanlake.

KLERK *(Roep)*
Die Poort roep Cherie Swanlake.

*(Stilte en wag. Die vorige toneel word herhaal. Poortwag slaan met hamer.)*

POORTWAG Die Poort roep Cherie Swanlake.
KLERK Die Poort roep Cherie Swanlake.

*(Klerk gaan kyk. Op agtergrond haar stem.)*

Nog een wat doof is! En waar kry jy daai klere! Jy kom nou op die daad, sê die baas.

*(Sy kom ontsteld terug.)*

Sy't vannie staf se klere uit hulle lokkers gevat en aangetrek! !
Kyk hoe lyk sy nou!.

*(Cherie kom binne. Suiker kan nie in haar mond smelt nie. Bedeesd, baie skaam, dra `n soort van bediendekappie, toegedraai in `n oorgooimanteltjie of tjalie. Gaan sit op die puntjie van die stoel voor die Poortwag en glimlag oordrewe skaam. Die Poortwag se reaksie is weer eens soos die vorige keer. Eintlik te oorbluf om iets te sê.)*

POORTWAG Sien ek reg....? Of kap my kop aan?
CHERIE (*Knik haar kop)*
POORTWAG En jy noem jouself Cherie Swanlake?
CHERIE *(Skud haar kop)*
POORTWAG O nie? Kom vertel my dan ook wie nou hier voor my sit.

*(Cherie is eintlik te skaam om te praat, dus gaan fluister sy in die Klerk se oor wat dan op haar beurt namens Cherie die praatwerk doen. Gaan sit weer prim en proper. Trek haar klere op haar ordentlikste reg.)*

KLERK Sy sê sy's Saartjie. Saartjie Swanepoel.
POORTWAG Saartjie. Ek sien. Saartjie Swanepoel. Saartjie sonder tong. Saartjie wat nie kan praat nie. Saartjie wat vir ons bietjie iets van die Landbouskou in Bloemfontein gaan vertel.

*(Cherie gaan fluister in die Klerk se oor.)*

KLERK Sy sê jy laat haar skaam kry as jy van die Skou vra.
POORTWAG Ek sou so dêmwil dink!
*(Trek sy pen en papier nader)*
Nou kom ons iewers. Daar's nie `n verbyslippery uit my triekvrae nie. Raait, nou wat van die Landbouskou?
*CHERIE* *(Staan skaam op en stap na die Sekretaresse toe)*

KLERK Sy sê sy't eersteprys gewen met haar tert.
POORTWAG Wassit net die een eersteprys?

*CHERIE* *(Stap weer na die Klerk toe, fluister in die oor, gaan sit)*

KLERK Eintlik wassit haar skilferkorstert wat die prys gevat het.

POORTWAG *(Sarkasties)*
Ag so, haar skilferkorstert! En wat nog van haar tert op die Skou?

*CHERIE* *(Staan op en gaan fluister weer in die Klerk se oor. Gaan sit)*

KLERK Sy sê meddie naaldwerk innie tuisnywerheid het sy ook eerste gekom. Vir pyjamas vir haar man. Met liefde genaai. Stekie vir stekie.

POORTWAG Uit liefde! En watse anner pryse nog? Hoeffelste het sy dalk gekom met die hingste ennie bulle? Sieker heelvoor innie ry. ?

*CHERIE* *(Staan weer op en gaan fluister in die Klerk se oor, terug.)*

KLERK Sy sê sy en haar suster is skaam van natuur oor bulle en hingste en ander mansgoed.

POORTWAG Skaam! O, hulle's skaam vir mans. En wat vannie sinode? En van strip innie toeplek?

*(Poortwag hou sy hand op. Slaan met sy hamer.)*

POORTWAG Ek willie hoor nie. Moenie dat sy iets sê nie. Ek wil nie van haar.... of van hom... iets hoor voor hulle back-up files nie hier voor my op die tafel lê nie. En dan bring ek die Alsatians ennie sjokstokke ennie man met die sweep ennie-
Vandag kry ek nog `n fit! Gaan sit buite by die moffie! Yt hier!

*(Cherie skaam-skaam af)*

*(Groot beroering. Kilian verskyn op die verhoog, eintlik kom by spring-spring en dans-dans soos `n bokser aangehuppel, gooi `n paar reguitlinkers en `n paar skyn regterhaakhoue na sy denkbeeldige opponent. Hy het nog presies sy konserwatiewe pak klere aan maar speel nou die teenoorgestelde van dr. Kilian Kurtze. Hoofsaak is by moet `n komieklike has-been boks-oompie wees.*

KILIAN Hoesit, hoesit, hoe lykit da!
Staat wyd virrie man meddie crunch innie punch!

*(Mens sal oor hierdie reaksie moet nadink*

POORTWAG *(Slaan met sy hamer)*
Dis vandag die dag dat ek die panic button gaan druk. Ek wil ok sien hoe dit lyk assie sjokstokke ennie Alsatians perform soossit innie boek staan.
Het ek jou miskien laat roep? Wie dink jy is jy? Disse court hierie.

KIIAN Dis hom! Die einste!
Innie left hand corner die fighter meddie lighter, Meddie crunch innie punch...... !
Killer..... Koesee... !

*(Hy dans `n bietjie rond)*

Killer... ! Killer!
Keer my of ek rinneweer my!

POORTWAG *(Slaat met sy hamer*)

POORTWAG Tot hiertoe... ! Tot hiertoe, sê ek.
Jy's wie...?

KILIAN At your service....! Killer Koesee, hom se self.
Trainer vannie laaities, beste innie weste!
Hier staat by voor jou! Klein maar getrain.

*(Dans `n paar bokspassies. Gee ook 'n linkerhaak of twee. Mik per ongeluk `n hou na die Slawedrywer se kant toe, besef sy fout, herstel vinnig weg van hom af.)*

POORTWAG Kan ek net hoor? Hierdie weste.... ? Is dit nou waar?
Klaarkies of Schweiser of Blouberg?

KILIAN Lekker zeff jy, hè? Dis Pretoria, Pappie, Pretoria waarvan ek praat. Wes vannie Plein, suid vannie rante, duskant die spoor, Wolmer en Danville, kry jou kierie inne rat, Pappie!

POORTWAG Wes vannie plein, sê jy? Ag so? Dan wiet jy sieker niks vannie opstêrs Kurtze dokteroompie waddie wieskinnerkies ennie wedevrouens se geld vat nie. En vannie vaairusse innie computers plant nie? Wa hy bly, isssie huise alles vrot van die geld ennie fênsie ougeid. Van hom wiet jy sieker niks nie... ?

KILIAN Nou se tyd is daar soveel promouters mens kannie altyd alles weet nie. Kurtze, sê jy. Ek laaikie eintlik daai naam nie, moet ek sê, jy gaan battle laaik hel om so `n naam innie promotions in te kry. Weet ook nie wie hom gaan sponsor nie. Ek weet maar net vannie laaities wat ek train.

POORTWAG Ek sien. Dr. Kilian Kurtze is dus nie op jou map nie. Nog nooit van hom gehoor nie, nooit gesien nie.

KILIAN Come hell, come high water, het die chinaman gese. Sit dit daar, Pappie, daai Kurtze oompie van jou issie in my starting blocks nie. Nog nooit van hom gehoor nie.

POORTWAG En ok niks vannie wieskinnerkies ennie wedevrouens se pensjengeldjies nie? Jy sillie dalk wiet onner waffer bed hy dit gat wegstiek hettie?

KILIAN Hy's `n etter, daai oompie hè! Sit hom op die training by my vir net drie rondes en ek haal die moffel uit sy skoffel!

*(Soos `n aankondiger by 'n boksgeveg. Hy sing dit so half.)*

Round number three!!!
(*Gooi `n paar reguitlinkers*)
Hoe's daai!
Gee hom vir Killer, die beste in die Weste!

POORTWAG Uit hieso! Uit jy!

KILIAN (*Dans boks-boks van die verhoog af.)*

Killer Koesee. Weet niks vannie Kurtze oompie nie. Niks vannie Kurtze oompie......

POORTWAG Ek sit nou so lekker en dink hoe dit sal wees meddie back-up files hier voor my. Enna gooi ek my triekvrae so heen en weer en heen en weer tussen julle liegbekke in.

*(Klokkie lui skielik hard en onderbreek die dialoog. Weer `n keer die bode. Pakket in blou, en dis duidelik blomme. Een groot verskil egter, die bode is Herklaas wat die DHL oortrekjekker aan het, windskeef vasgemaak, `n pet met die groen rosekrans daaraan vas, ens. Onder geen omstandighede mag die Poortwag en sy Klerk agterkom dat dit Herklaas is me. Die ander sien dit wel; sy stewels steek uit, ens. ens.)*

HERKLAAS Delivery for Blue. Express for Blue.

*(Weer die tekenproses. Verlaat die verhoog. Herklaas stap egter nie heeltemal van die verhoog af nie maar gaan kruip net agter die deur weg. Die gehoor en die ander drie moet hom egter duidelik kan sien. Nou staan hy en luister wat aangaan. Die reaksie van die ander drie is uiteraard `n mengsel van nuuskierigheid in die ergste graad en geheimhouding.*

*Poortwag lui die blou klok. Skreeu in die blou interkom, ens.)*

POORTWAG Express delivery vir Blou! Ekspress vir Blou!
Hier staat sy wragtig al klaar voor die deur. Nes ’n aasvoël hierie ou antie.

*(Gasvrou op, sweef so half oor die vloer. Intussen het Gerard en Cherie al so naby aan die verhoogingang beweeg dat die gehoor hulle baie duidelik kan sien. Hulle luister alles af.)*

GASVROU My tulpe! Wonderlik! Ek was juis op pad om te kom hulp soek.

*(Herklaas vinnig op die toneel. Gryp die blomme voor haar weg.)*

HERKLAAS Laat my toe, Dame! (*Lag oordrewe*) Laat ek dit vir u dra.
GASVROU Wat `n gawe bode. Jy's nuut hier lyk dit my. Wat is jou naam?
HERKLAAS (*Met oordrewe aksent*) Herculè.
GASVROU Herculè. Wat `n opwindende naam vir `n nuweling in ons geledere. Ek het juis na iemand kom soek om my te help met die tafels, want alles is nou al so laat. Wat van Herculè...?
HERKLAAS Ek help altyd waar ek kan. Met groot graagte.

*(Probeer met die ruiker saam met die Gasvrou die Kloof binne. Die Klerk sien egter sy stewels raak en gee die alarm.)*

KLERK Jy! Dissie ou vannie plase ennie pêre! Keer hom!

*(Poortwag storm nader. Klerk probeer hom ook keer).*

DIALOOG Keer hom!
Waar gaat jy heen!
Vandag grill ek vir hom!
Kom hierso!
Die baas gaan vir jou afslag.

*(Almal kom weer tot bedaring. Poortwag slaan met sy hamer.)*

POORTWAG Stilte! Almal bly nou eers stil!

*(Herklaas trek verergd die bodeklere uit en smyt dit neer. Dis egter duidelik `n nuwe Herklaas. Hierdie keer is hy die verwyfde, maar hy misluk klaaglik in sy nuwe rol.)*

HERKLAAS Wou maar net help. Sal ook nie weer nie.

GASVROU Skaam julle om so lelik met my gaste te wees. Ek kan sommer sien ek gaan heerlik met hulle saamkuier later vandag.

POORTWAG Disse onnerhoud inne court hier! Antie, jy het nou jou blomme wat jy wil hê. Los ons nou eers hier allenig.

GASVROU Maar jy moet my eenvoudig net weer help. Ek het die dametjie hier weer broodnodig. Net so vir `n uur of wat. Ek bring haar persoonlik terug. Wat sê u?

POORTWAG As sy wil, is dit orraait met my. Hierie lot hanteer ek soos paai. Maar nie weer die heeldag nie!

KLERK (*Bitter gretig; gooi haar bril neer, gryp handsak, ens.)*

Ek wil, Meneer... ! Dankie Meneer!

*(Hulle verlaat die verhoog.*
*Die Poortwag draai na Herklaas)*

POORTWAG En jy? Innaai bank in daar! Die Poort se court is in cession.

*(Kyk na die faks in sy hand. Skuif sy pruik reg.)*

Herklaas Benade. Boer uit Ventersdorp, Lichtenburg en Makokskraal. Is dit reg so?

HERKLAAS Geheel en al nie. Ek is Herculè Benaud. Tot u diens.

POORTWAG Sê weer. Herculè Benaud. Nie Herklaas Benade nie.

HERKLAAS Ken hom nie.

POORTWAG O jy ken hom nie? En wat doen jy almiskien.

HERKLAAS Ek maak designs. Ek en Hennerik.

*(Gerard is kennelik geïnteresseerd as dit by Hendrikus kom.)*

POORTWAG Jy en Hennerik? En wie is Hennerik dalk?

HERKLAAS Hy't `n krom kriem cumputer.

POORTWAG Ag so. En wat nog?

HERKLAAS Hy maak sendels. Met toe punte.

POORTWAG n Skoenmaker? Dis nou wat Hennerik doen? Familie dalk van Hendrikus..? Die outjie meddie maer hanne?

HERKLAAS Gladnie familie nie, nee. Hennerik sal ook nie vir hierdie Hendrikus ken nie. Hennerik se hande beweeg vinnig so oor sy kriem computer ja, en agterna dek hy tafels. Dan help ek hom.

POORTWAG Julle dek tafels?

HERKLAAS Sulke hoë tafels op sulke hoë pote, ja. Ons bind die tafeldoeke aan die pote vas. Dan is dit amazing.

POORTWAG Nou hoekom sal julle dit nou doen?

HERKLAAS Vir... eintlik net om... om nie te mors nie. Meeste van die tyd lê die mense sommer op matrasse onder die tafels en eet.

*(Dink na)*

Dan bly die tafeldoeke skoon.

POORTWAG Baie considerate van julle, dink ek.

HERKLAAS Ja, want dis wit tafeldoeke. Selle as die mense se klere. Almal het

rokke aan. Met ronde nekke.

POORTWAG Ronne nekke

Die mans ook?

HERKLAAS Almal ja, want hulle moet soos Chinese lyk.

POORTWAG En dan lê hulle en eet?

HERKLAAS Ja. En hulle praat die hele tyd. Gesels net die stimulatingste goed.

POORTWAG O so?

HERKLAAS Ja en tussenin hou hulle konsert ook. Sing en opsê.

POORTWAG As ek nou moet sê dan klink dit vir my na `n plek vir `n opskop en `n jol. Julle het nie dalk daai flerrie vannie landbouskou ook daar gehad nie?

HERKLAAS Hierdie was in `n plek waar ons die heeltyd Engels gepraat het. Niks van mielies en van meisies en van hingste en bulle en goed nie.

POORTWAG En toe's jy en Hennerik ook daar? Het dies wat nou so op die matrasse onder die tafels met die lang pote lê en eet darem gedink julle was opstêrs genoeg? Vir julle gedra voor almal? Nie soos `n spul bekvelders rondgestaan nie?

HERKLAAS Nee. As ons tussen hulle loop, gee ons kort treetjies, met toe boude. So.

*(Demonstreer. Stap so `n paar knypboud-stapples rond.)*

POORTWAG Grênd!! Net te grênd! Nou hoekom gee julle sulke kort treetjies met die toe boude?

HERKLAAS Oorlat. *(Begin nadink.*) Oorlat.

Hennerik se aambeie is sleg.

GERARD (*Kan homself nie meer beteuel nie. Van wagkamer af storm by nader. Cherie ook sommer op.)*

Dis `n infame leuen! How utterly disgusting, how revolting,how-

*(Besef sy fout)*

Hendrikus.... Hendrikus het lang tree. Nes ek. Ek leer dit by die bulle en die hingste. Kyk.

*(Kort demonstrasietjie)*

*POORTWAG (Hy het uiteindelik nou net mooi genoeg gehad. Hy staan op, stap sy kantoor binne, gryp die telefoon en bel.)*

Genoeg is genoeg is oor-blerrie-well genoeg! Ek wil nie uit een van julle bekke eers `n fluistering hoor nie. Niks nie, nie eers `n-

Hallo Rekords! Dis weer ek vannie Poort af .

Daai back-ups vannaai vier by die verkeerde poort. Dissie dalk al reg nie?

Wat! Julle het dit gekry! Lekkerr! ! Kan ekkit kom haal? Nee man ek kom self, vertrou niemand in hierie plek nie. Niemand nie sê ek jou.

OK, OK, maar ek kom self. Issit backups of die originals self?

O die originals sommer! Lekker! Pellie, hou vas, ek's nou daar.

*(Foon neer)*

Nou wat sê julle nou? Nou sal ons hoor wie's dies wat so lieg en bedrieg ennie tweegatjakkalse en misleiers en verdoeselaars en beliegters en....... SWERNOTERS is!!

Bly julle net daar sit tot ek terugkom van Records af. Net `n kwartier, dans ek terug. En ek sluit sommer hierdie hek na die Kloof toe!!

*(Terwyl by afbeweeg)*

Nou gat ons sien wat gaan vir wat hier....

*(Die vier sit eers doodstil, kyk met lang nekke die Poortwag agterna. Dan staan Cherie versigtig op en gaan kyk by die deur of hy weg is. Sy word haar ou self. Die ander ook.)*

CHERIE — Herklaas, wat gaan ons tog doen! Hoekom kan ek nie maar terug wees in Bloemfontein nie!

*(Herklaas oor na die Kloof se hek. Ruk en pluk bietjie daaraan. Cherie sal van nou of al ondersoekend nader beweeg aan die Poortwag se kantoor en die Klerk se lessenaar.)*

HERKLAAS — Wil net seker maak van hierdie hek. Nog nooit gesien dat mense hekke ordentlik kan toemaak nie. Kan nie eers onthou hoeveel bees ek in lusernlande al verloor het net omdat die hekke oopgestaan het nie.

GERARD — Unbelievable! Hier staan ons op die rand van die kolekamer en julle staan en klets oor hekke en lusernlande! Ek dink dis absolutely-

O ja, en jy was baie lelik oor Hendrikus, moet ek jou sê. Vulgar in the extreme.

HERKLAAS — Praat jy nou van Hennerik wat sulke kort treetjies gee?

GERARD — Hendrikus! Dis g'n Hennerik nie. Ons is nie nou op die plaas in Pampoenfontein nie.

*(Cherie kry die Klerk se bril in die hande, sit dit op, skuif agter die Klerk se lessenaar in.)*

CHERIE — Haai oe, Herklaas! Hoe lyk ek vir jou as ek so tik, tik tik!

Onthou jy nog toe ek jou vertel het van die skoot toe ek-

*(Klokkie lui skielik hard. Weer die bode. Pakket in die hand. Groen.)*

BODE — Express for the Manager! Express for the Manager!

Documents. Special Delivery. Waar's hy? Hoofkantoor sê hy moet dit met sy lewe oppas. Enigste wat daar is.

*(Doodse stilte.)*

GERARD — Het jy nie oë in jou kop dat jy kan sien die manager het sy goed gevat en-

CHERIE - — gevra dat jy sy papiere hier moet neersit en dat ek dit moet ontvang. Ag ja, wat sal `n Baas ook sonder `n klerk doen. Waar is die plek waar ek daarvoor moet teken. O hierso by die kolletjies? Is dit goed so? Baie dankie, my skatttebol. Nou kan jy maar gaan. Baie dankie, die baas sal vreeslik bly wees om sy dokumente te kry, hy't so lank vir hierdie lêers gewag. Die hele dag al. Dankie Skattie, dankie hoor.... ! Koeee!

*(Bode af. Cherie hou dokumente triomfantlik in die lug. Almal storm natuurlik op haar af. Herklaas nie. Praat gelyk. Cherie maak die pakket oop, maar skeur nie die papier*

*nie. Almal probeer om die lêers uit die pakket te kry.)*

DIALOOG    Gee hier ek sien.
Waar's myne.
Los, dis myne.
Nee, hierdie een is Herklaas s'n.
Maak gou.
Hy's nou-nou terug.
Dis nie joune nie.
Hier's joune.
Jy gaan die ding skeur.
Ens.

*(Vir die volgende oomblikke gaan elkeen so half op sy eentjie sy eie lêer bekyk en deurblaai en gepaste reaksies van skrik en vrees gee. Net Herklaas kyk daar doer ver.)*

GERARD    Genadetjie! Hier's alles van die launch in Hyde Park! Ek skaam my in die aarde in. Hendrikus was ook so verspot en stuitig die aand. Oe, en nog van daardie ander keer met die champagne breakfast en die-
Even the visiting models from Italy that time, I cannot even dare-
Oe, nou onthou ek ek was bo-op die tafels... ! Nee, ek wil nie eers verder blaai nie!
(*Blaai tog verder*) Wat! ! Dit ook nog. En hierdie..... !
Was dit nie die lunch van die Young Designers Group 21 nie?
Genadetjie, tog nie dit alles op papier nie! ! ! Het ek dit gesê...? En gedemonstreer ook! Under no circumstances may this be seen!

*(Gryp sy lêer en gaan sit vasberade daarop. Hewig geskrik.)*

CHERIE    Herklaas! Hier staan jou naam ook. Ons het darem vir jou dinge gedoen hoor! Oe-la-la! En die...? Alles ook van daai skoot toe ek by Mazelspoort saam met die rugbyspan in die modderbad-
Ek kan nooit dat Herklaas dit sien nie.
En hier's nog van Kroonstad se goed ook..... ! En van die mieliefees in Bothaville...... Aggenee, ek het al skoon vergeet van al-
Dit was nou vir jou een van die lekkerste opskoppe wat jy in jou hele lewe nog op was.
Oe! Hier's van die ou met die tatoes ook! Oe.... ! Herklaas, en hier's van die oompie met die boepie wat op Bethlehem tussen die tefbale so op en af gewip het. Ek wil heeldag hierin lees!

*(Sy blaai gefassineerd verder deur haar lêer. Maar sy moet van nou of sorg dat sy nie Kilian se rolspel steel nie.)*

*(Kilian gaan nie uit sy lêer lees nie maar wel mimiek speel deur om die beurt te kyk en te skrik, weer te kyk, toe te klap, te dink, weer vinnig te kyk, asem in te trek, vinnig te blaai, weer te kyk, kruis te verwys, hand teen die voorkop te slaan, hand in die hare, lêer onder die arm, uit te haal, ens. Die regisseur en die akteur moet sorg dat Kilian genoeg kollig kry. Dan knyp by vir oulaas die lêer onder die arm vas.)*

KILIAN    Baie teleurstellend, om die minste daarvan te sê. Ek is tog op my heffings geregtig. Alles ook so eensydig gerapporteer.

En was dit nou werklik so erg. Tot selfs die geringste oorbetalings van dubbelkommissietjies in die fynste besonderhede aangeteken. Mens sou dink dat kommersiële banke vir kliënte soos ek darem baie beter sekuriteit ten opsigte van geheimhouding van transaksies kan aanbied.

*(Die aandag is op Herklaas wat die hele tyd nog met sy onoopgemaakte leer in die hand staan. Dis opmerklik baie dikker as al die ander s'n.)*

CHERIE Herklaas! Lees jy nie van jou dinge nie?

HERKLAAS Lees jy sommer.

*(Gee vir haar die leer aan)*

Weet ook nie of hulle alles sal hê nie.

CHERIE Oe Herklaas! Hier's darem baie van jou dinge, hoor!
Stouterd.

HERKLAAS Kyk bietjie daar by Inhoud. Is daar iets van die teelbulle se papiere.

CHERIE Teelbulle, teelbulle, nog teelbulle. Maar Herklaas! Hier's darem vir jou baie bladsye oor jou bulle, hoor. Hier staan.....hier staan, haai oe... ! Jy't sommer baie van die bulle se papiere omgeruil. Skaam jou, Herklaas!

HERKLAAS G'n so erg nie. Dit was almal uit dieselfde stamboeke. `n Vaar bly `n vaar. Daar's nie een plek waar ek met die moederskante gepeuter het nie. Kyk liewer onder Oppaslaagte se Weegbrug. Sê dit Iets?

CHERIE Weegbrug.... weegbrug..... van die mielies, van die mielies.
Hier's dit. Oppaslaagte. Herklaas! Een, twee, drie....... tien, twaalf! ! ! jaar wat julle die brug se vere gestel het sodat julle mielies swaarder kon weeg!
Hoe kon jy? Dis mos amper soos steel!

HERKLAAS Dit was omdat hulle ons agterskot gevat het. Dis hoekom.
`Was nog ou Piet Visasie-hulle die tyd toe hulle daarmee begin het. Jy moet nog blaai. Kyk daar by Politiek, by Dagbestuur. sê dit iets van die stemme tel?

CHERIE Dagbestuur, dagbestuur... ! Hier's dit. Wat! !? Julle het dan party van die stemme laat wegraak... ! Sies Herklaas!

HERKLAAS Dis sommer van Langfaan-hulle. Nog al die jare was hulle aan die verkeerde kant. Ook maar goed ek het gekeer waar ek kon. Plig is plig.

CHERIE Laat ek kyk van die skou? Skou.... skou, skou!
Haai Herklaas, hier's ek ook. Stouterd, kyk net wat staan hier.
Kalant, wat jy is.

HERKLAAS En onder Engelsman. Die dowe enetjie uit die Kaap uit.

CHERIE Engelsman.... Engels..... Herklaas, is dit Engels of Ingels?
Wag, hier is dit. Alles, alles, alles staan hier asof dit gister gebeur het! Tot van die swepie en die salf en die merkeurokroum. Ek lag my nou weer van vooraf `n kastrol!

HERKLAAS Hmm. Lyk my darem hulle het meeste opgeskryf.

*(Stap na die ander drie toe.)*

Gee. Gee my daardie lêers.

GERARD Om mee wat te maak?

KILIAN Dis persoonlike sake daarin. En hoogs vertroulik.

HERKLAAS Nou maar goed. Dan vat ek net ons twee s'n.

*(Neem die inhoud van Cherie se lêer en syne, sit dit bymekaar en los die buiteblaaie op die toonbank. Beweeg na die ingang van die Kolekamer.)*

HERKLAAS Ek dink die ou dowe met die belde en die sweep sal seker bly wees as ek bietjie `n paar vlamme in sy oonde aansteek.

*(Gerard en Kilian hardloop altwee nader met hulle lêers).*

DIALOOG Wag! Hier's ons s'n ook.
Vat myne!
Moenie loop nie.
Wag eers.
Ek het dit nie so gemeen nie.
Askies man.
Dankie tog.

*(Herklaas vat die lêers se inhoud, gee vir Cherie die omslae. )*

CHERIE Ons moet net sorg dat ons die man se dokumente vir hom mooi teruggee, net soos dit was. Met genoeg papiere binne in, vir Herklaas se lêer die meeste. Dan vir die oompie, en vir my en vir Gerard met die toe skoene. Dan ook mooi toedraai, mooi opmekaar, nes maatjies, en weer mooi terugsit. Ditsem.

*(Terwyl sy praat, krap sy in die Klerk se lessenaar rond, haal `n paar dik pakke blanko velle papier uit wat sy in die omslae sit. Dan draai sy die hele pak lêers toe sodat dit lyk soos wat dit oorspronklik was. Plak toe met cello tape of iets geskiks. Sit die pak dokumente op die toonbank neer.*
*Herklaas verdwyn deur die ingang na die Kolekamer toe. Die ander drie staan nou gefassineerd van bo af en betrag sy vordering.)*

CHERIE Kyk die ou vette, alweer. Herklaas, moenie dat hy jou sien nie!
KILIAN Die maerietjie doen nog steeds niks nie. Loop nog die hele tyd agter die vette aan.
GERARD How awful, awful! Ek kan dit nie vat nie.
CHERIE Daar's die dowe met die vest en die sweep! Oppas! Oe... !
Dankie tog, hy loop verby.
KILIAN Solank hy net die warmste oond uitsoek. Daarso nou.
GERARD O genadetjie. My senuwees is gedaan. Maak gou! I've had it. Simply had it. Too terrifying for words.
CHERIE Ditsem Herklaas Skattebol! ! Voer daardie oond! Stook hom!
Lekkerrr! Dis genoeg, Herklaas! Kom nou terug!

*(ALGEMENE GEJUIG)*

Kom Herklaas, maak gou.
Moenie wag nie. Hardloop!
Kyk net sulke vlamme!
Oe! Daar gaan die launch in Hyde Park!
En die modderbad by Mazelspoort!
Kyk hoe vlam daardie dubbbelkommissies nou!

En die weegbrûe!

En die champagne breakfast!

En die oompie in Bethlehem!

My bankbestuurder moet dit kan sien. Laat dit vir hom `n les wees!

*(Algemene vreugde, omhels mekaar. Klap hande. Dans selfs `n bietjie in die rondte. Herklaas daag ietwat uitasem op. Lyk `n bietjie gehawend en vuilerig.)*

HERKLAAS Wat is `n oond ook sonder `n vlam?

DIE ANDER (*Juig en klap hande.)*

KILIAN *(Hande in die lug*)

Stop! Stop eers. Die gevaar is nog gladnie verby nie. Gladnie.

*(Almal tot bedaring)*

ALMAL: Wat praat jy nou!

Ag nee man!

Wat nou weer!

KILIAN Nou moet ek eers verduidelik. Waar daar `n rekenaar is, is daar `n lêer, en waar daar `n lêer is, is daar iewers `n afskrif, en `n afskrif van `n afskrif, kopie van `n kopie, en weer `n kopie van daardie kopie. En so sal die amptenare of die bestuurder aanhou kopieë soek totdat al die lêers weer veilig hier op die tafel lê.

En dan! Dan is dit ons en die Kolekamer, en hierdie keer net erger.

GERARD Genadetjie tog! Gaan alles dan nou weer van vooraf begin?

Al die designers van Milaan weer op die aand van die do! En die lunch van Group 21.. !

En daar waar ek so demonstreer.

I just can't take it any longer!

CHERIE Herklaas! Hoor wat sê hy. Wat gaan ons doen?

KILIAN Aa! Wat gaan ons doen, vra die jonge dame.

*(Nou het Kilian reeds na die lessenaar agter die afskorting beweeg. Gaan sit agter die rekenaar. Sy vingers beweeg merkwaardig vinnig oor die sleutelbord.)*

Hou my dop.

Het ek nie reeds verduidelik dat programmatuur en virusse my spesiale stopkperdjie is nie! Wat ons dus nou gaan doen, is bloot om die formule van my eie spesiale virus op hierdie databasis te plaas dat dit outomaties en eksponensieel alle data in die lêers uitwis waaroor navraag gedoen word. Sou die bestuurder of sy klerk dus navraag wou doen oor, sê maar met Google Search of so-iets, die.... fees op Bothaville, sê maar, of oor die weegbrug op Oppaslaagte of oor Group 21 in Hyde Park, of oor Kilian of Herklaas of Cherie of Gerard of enigeen..... dan sal die Kurtze virus met pentiumspoed die lêer aanval en die data in so `n mate verwring dat dit geheel en al onherkenbaar raak.

Eenvoudig, nie waar nie. Presies soos die haai in die rolprent wat alles voor hom verorber.

*(Kilian se vingers beweeg nog steeds soos blits oor die bord).*

CHERIE Is dit van daardie fliek van Jaws? Dit was nou die aand op die skottel

en ek het amper gekrepeer!

KILIAN — Pragtig, dan sal jy verstaan. Dus eers laai ek die formule vir die virus. En daarna ons besondere leers. Vir Kurtze, vir Vand-Ernst, Vir Swanlake en vir Benade! ! Enigiemand wat nou maar net sou durf waag om `n navraag te doen, sy dit nou met Google Search of wat ookal is, of net ‘n afskrif te maak, sal dan met my virus te doen kry. Soms beter bekend as die Kurtze Verdelger... ! Die Kurtze Lêervreter!

HERKLAAS — Jy moet dat hy tweekeer vreet aan die deel van Langfaan en die dagbestuur se stemme.

CHERIE — En van die ou met die tatoes ook.

GERARD — Ek sterf `n duisend dode oor daardie launch....

KILIAN — Geen probleem van enige aard nie. Kom ek maak sommer `n spesiale aantekening onder launch, onder tatoëermerke, onder dagbestuur, en so aan.

*(Sydelings)*

Sommer ook onder dubbelkommissies.

GERARD — Absolutely amazing!

(*Klap laf hande*)

HERKLAAS — Kan jy vir die masjien sê ek wil terug op my plaas kom? Die werk daar staan nie stil nie.

GERARD — En in my studio! Ons is tot ons ore opgeboek met nuwe shows!

CHERIE — En wat van die skou! Dit hou nog net twee dae aan.

KILIAN — Geen probleem nie. Die sotterny en onsmaaklike gepoppery hier in die Poort, Kolekamers, slawedrywers en swepe.... alles gaan ongedaan gemaak word! Luister mooi: Dit is die totale omkeer van die proses. Die totale Omkeerproses. Die gawe vrou met die blomme en die tafels ongelukkig ook.

*(Kilian takel die sleutelbord met nuwe drif van vooraf.)*

GERARD — Moet net nie vir my sê ek gaan nie die tafels vir die lunch sien nie! Dit sou simply net divine gewees het met die tulpe in die lae houers! Kan jy nie die computer stel vir eers ná lunch nie!

HERKLAAS — Dis nie `n planter wat jy kan stel nie, man! En los nou die gelêery onder die tafels.

KILIAN — Ja.... ongelukkig kan ek die rekenaar nou nie so konfigureer dat ons beide die middagete kan bywoon en ook weer .... teruggepop word nie.

CHERIE — Ag shame, Herklaas. Nou gaan ek nie sien hoe lyk jy in kaftans en sandale nie! Kan ons nie iets reël vir later by Boshoff se vleisfees nie! Dan trek ons almal sulke los klere en oop-

GERARD — Behoede my! Boshof se vleisfees! Ek haal die vrekte as ek my voete daar moet sit. Can you imagine the scene!

HERKLAAS — Stil jy. Dis alles onder groot seile en ons sit op stoele by tafels sonder matrasse! Dis hoe!

KILIAN — Miskien moet ons eers ons huidige probleem oplos ... en dan dalk kan ons oorweging skenk aan die fees op.... Boshof.

Laat ek verduidelik. Die Bestuurder of sy klerk moet noodwendig die sleutels hier druk om ons lêers op te spoor.

Laat hulle net een sleutel op hierdie bord druk, dan laat hulle die virus in die stelsel los. Net een sleutel! Dit is `n waarborg. Die Kurtze Verdelger virus neem niks meer as `n halfminuut om die hele databasis te verorber en te vernietig nie!

HERKLAAS — `n Paar dromme vol van hulle sou handig gewees het die jaar met die sprinkane. Miskien kan jy vir my daarvan laat kry as ons eers hier

uit is.

GERARD Heaven forbid! Dis g'n dromme vol spuitgoed nie! Moet alles altyd eers iets van `n plaas word voordat iemand dit verstaan! Hierdie virus is nie `n drom vol kieme nie. How ridiculous!

HERKLAAS Mens kan sien jy weet niks van sprinkane of nie. Daar was die tyd met die voetvolk uit Betsjoeanaland uit wat-

GERARD Daar gaan ons alweer!

KILIAN Ja, ek is bevrees die virus waarvan ek praat kom nie van Botswana af nie. Wat eintlik gebeur, is dat die alarm van die audiostelsel in die rekenaar outomaties aangeskakel word sodra alles in ons lêers verorber is. Die omkeerproses is dan voltooi. Daar kan selfs `n tweede sein wees. Maar, eerstens verloor ons ons rosekranse!

*(Almal klap opgewonde hande.)*

En daarna kan jy maar sê word ons ontpop!.

*(Weer hande klap)*

As ons nou eers ontpop is, word ons outomaties weer teruggeplaas op ons plaas, in ons ateljee, in ons spreekkamer, in ons.... ons gesellige onthaalvertrekkie in die vriendelike stad Bloemfontein. Of Mazelspoort.

GERARD Amazing. Terrific. Absolutely amazing!

CHERIE Lekkerrr! !

KILIAN Nou moet ek darem byvoeg dat gevalle al opgeteken is van hoogs eienaardige gedrag van betrokkenes terwyl die verdelgingsproses en veranderingsproses in hulle lêers aan die gang is. Uiteraard niks ernstigs nie, gladnie. Maar blykbaar is die individue met die omkeerproses soms bietjie van balans af. Na die tweede lang sein herstel almal egter vinnig en is die omkeerproses voltooi.

*(Kilian is duidelik 'n fundi met die rekenaar en hy val die sleutelbord opnuut aan. Almal kyk oor sy skouer en klap stuitig hande.)*

CHERIE Luister! Hier kom hy.

*(Almal weg van die rekenaar af. Hulle staan en of sit met bravado rond as die Poortwag weer sy verskyning maak. Hy is duidelik omgekrap.)*

POORTWAG Waar's daai deliveryman! Ek moet soos wafferse fool verniet agter hom aanhardloop sodat hy met my files kan rondloop soos by lus kry! Het hy dit-

*(Sien die pak leers)*

A!!! Uiteindelik. Dog net dis dalk nie hier nie.

*(Kry die leers, hou dit bokant sy kop vas. Uitbundig)*

Nou sal ons sien! Nou sal jy `n ding sien! Wag mos al heeldag hiervoor. Lekkerr! Nou sal ons sien.

*(Besef skielik dat hy geen indruk op die vier maak nie)*

Ag so. Almal skielik weer blind of doof geword?

*(Slap na hulle toe en bekyk hulle een vir een)*

Nie meer Saartjie wat nie kan praat nie, nè. Nie meer eerstepryse met jou tert nie, nè.

CHERIE Paaip tog down, man. Wat weet jy ook van tert af!

POORTWAG Paaip down....? Weet jy met wie jy praat?

HERKLAAS Sy dink jy's die ou met die tatoes.

*(Almal lag tog te lekker.)*

DIALOOG Oe Herklaas! Jy's weer vol dinge vandag!
Hoogs vermaaklik, moet ek sê.
Ja, en Bothaville maar sy vrou wil nie!
Funny in the extreme.

(*Almal lag weer.)*

POORTWAG Ek sien. *(Lag ook*)
Yes! Hoe lekker lag ek nou! En ek sien `n ding aankom. Ek sien jy issie meer die trainer van die laaities innie Weste nie, nie meer die fighter meddie crunch innie punch nie!
En dan sien ek nog `n ding. Gert van der Nest hettie meer sukke uitmekaar boude nie en hy neukie meer met vroumense op Bloemfontein se skou nie. En jy en Hennerik maak ook nie meer designs nie en lê nie meer op matrasse onder die tafels en eet nie.

GERARD Aag jy! Kry klaar met die onderhoude. My lunch wag.

KILIAN Ek sien self ook uit na die interessante geselskap en die verskeidenheid van geregte wat op ons wag. Nie te swaar nie, hoop ek, bedoelende nou die geregte.

HERKLAAS Is dit `n moet om onder die tafel te lê en eet? Ek sal eenkant op `n stoel sit. Sal niks hinder nie.

GERARD En ook nie mors nie, hoor!
Haai, hoe verspot is ons nou. Nes Hendrikus die tyd met die launch. Haai waar was julle! He was hillariously funny.... !

CHERIE Julle moes die ou met die boepie tussen die tefbale in Bethlehem gesien het. Hy wip naderhand so dat die sersant van die polisie hom moes kom stop. Ons het vir ons kastrolle gelag!

KILIAN Ja, ek moet sê gesonde vermaak is so ontspannend. Eenkeer by ons jaarvergadering het die gasspreker se toespraak mos deurmekaar geraak met die voorsitter se bedankingsrede. Haai, was dit nou vermaaklik.

*(Hulle gemaakte gelaggery kom wel tot `n einde.)*

POORTWAG (Terwyl by die pakket oopskeur)
Ha.
Ha.
Ha.
Nog `n ha as ek die lêer van die heer Herklaas Benade nadertrek, die dikste een!

*(Haal die lêer uit, maak dit oop, kyk daarna, kyk weer, blaai verbysterd deur die*

*blanko bladsye.)*

Wat? Wat gaat hier aan? Dis dan leeg! Niks van jou liegtery en verkeerdgeide en politiek-dinge en vannie man meddie perd ennie karwats nie!

HERKLAAS Is daar niks van Oppaslaagte se weegbrug nie?
En van Langfaan-hulle nie?
Jy moet ook kyk daar by die deel oor die stemme van die Dagbestuur. Kyk by Inhoud. Dis altyd voor in `n boek. Kyk mooi, man.
En die storie van die Landbouskou moet so half in die middel wees. Nog meer agtertoe. Nee, ek meen vorentoe. Jy kyk ook heeltyd verkeerd.
Ook niks nie?

POORTWAG En hierrie een ook leeg. Niks van die outjie meddie saaits nie.
Niks vannie flerrie nie. Niks, niks! Niks vannie skelm oompie nie!
Wat gat hier aan! ! !
LAAT EK VIR RECORDS BEL! !

*(Op pad na sy kantoor toe. Swaai die leë lêers in die lug rond.)*

*DAN SKIELIK DIE GHONGSLAG WAT DIE KOMS VAN DIE SLAWEDRYWER AANKONDIG*

SLAWEDR Jy't gesê `n uur dan kan ek hulle kom haal. Hier's ek.
En dis laat. Kom! Een van die oonde moet skoongemaak word. Weet nie wat daarin beland het nie. As mens jou rug draai, loop alles mos verkeerd.

*(Gee so `n paar slatte met die sweep.)*

POORTWAG Moenie jy nog tussenin kom neuk nie. Al hierdie lêers is leeg. Almal, elkeen van hulle.

SLAWEDR Los die lêers, man. Hulle is almal dieselfde. Jy mors my tyd. Gee my liewer nog `n ekstra een dat ons die oond vandag nog kan skoonkry. Die kole nou se dae is net mooi niks werd nie, jy sou sweer dis papier, so fyn is die as, verstop alles, en dis-

POORTWAG Wat sê jy! Wat sê jy daar! Wat van papier?

SLAWEDR Niks. Wat sê ek, meen jy nou?

POORTWAG Wat van papier in die oond? Wat daarvan? Wat hoor ek nou?

*(Slap stadig op Herklaas af.)*

Jy!

*(Herklaas kyk om.)*

Ek praat met jou, man. Jy weet sieker niks van die papier innie oond nie, nè. Wiet ok nie hoekom jy so swarterig vuil is nie, nè. Wiet niks nie.

*(Herklaas stof sy skouers af.)*

HERKLAAS `n Plaas se lug is skoon. Nie soos hier nie. Dra my klere `n week

lank. Alles khaki ook. Lekker koel.

POORTWAG Ek praat nie van jou klere op die plaas nie. Ek praat vannie oond met die papiere! En van hoe vuil mens word as jy naby die oonde kom! Soos jy! Want dis waar my files is! Innie oonde! En dis jy! Dis wat daar-

SLAWEDR Wat! Was hy hier af na my plek toe! Was dit hy wat die oond vir Montagu se warmbronne met papiere kom verstop het. Weet hy hoeveel klagtes gaan hulle kry oor die water wat nou te koud en dan weer te warm is! En hoe dink jy wat sê ek vir die base!!

HERKLAAS Dieselfde soos die tyd in Warmbad met die oliebore. Water in die bronne was ses maande lank een dag koud een dag warm. Mense was baie die hel in.

POORTWAG Warmbad se oliebore het niks met Montagu se bronne te doene nie, dêmmit!

*(Soek `n slag na sy hamer. Kry dit. Slaan op die tafel. Iets wip.)*

Unauthorised entry! Strafbaar! Strafbaar, sonder enige versagting. Strafbaar met-

HERKLAAS Jy! Hou op met skreeu. Ek was g'n in jou kolekamer nie.

Jou computer is mos nou weer reg. Hoekom gaan kyk jy nie op die ding of ek daar was of nie. Daar staan mos alles wat mens doen. Toe gaan kyk bietjie!

KILIAN Ek wil tog ons vriend wat met beeste en perde boer hier ondersteun. Die bedryfstelsel van u rekenaar is mos nou weer 100% en as u enigsins voel dat u nuwe lêers op ons....skuldiges hier...of onskuldiges hier...wil trek, is dit beslis 'n uitstekende idee van ons vriend hier met die bulle en die perde om bloot navraag te doen. Gebruik Google Search of enige soekenjin en dan is u probleem opgelos. Wat dink u?

POORTWAG Top! Jou eerste goeie idee die hele dag. En dis presies wat ek gaan doen. Nuwe files vir almal van julle. Mooi nuwe printouts! Lekker! ! Check net gou met die computerkamer. Staan net daar, staan net daar, ek gaan-

*(Klop aan die hek by die Kloofdeur).*

GASVROU Hallo....! Hallo, ons is terug. Sluit oop vir ons.

POORTWAG Ek kom! !

*(Brom-brom oor na die hek toe, sluit oop. Gasvrou en Klerk kom binne.)*

GASVROU A! Ek kan sien ek is net betyds om my gaste te kom haal. Julle is mos klaar, nè.

Kan ek hulle nie maar alvier kry nie? Ons het oorgenoeg plek gedek, want mens weet mos nooit nie. En die tafels lyk nou nog fabeloosliker mooi! Daar was-

GERARD Watse staanders het julle vir die tulpe gebruik? Na julle weg is, het ek staan en dink en ek sê vir myself vandag is `n dag dat mens ook lae houers kan gebruik, amper soos met `n show vir chocolate artistry. Nes met borde vir serving plates, veral as mens op hoë tafels dek, dan is dit nie-

POORTWAG Sharrap jy!

GASVROU Hoor net hoe ongeskik. Skaam vir jou. Ek dink ek vat sommer alvier.

SLAWEDR Luister Miesies Ha-di-da! Vandag vat jy nie maar net nie. Jy kry een en niks meer nie. My faks sê ek kry drie en drie is wat dit is.

GASVROU *(Hande in die heupe voor hom*)

En my faks sê ook drie. Maar vir mý! En dit is wat dit is.

POORTWAG Julle vat nie! Julle kry wat julle kry en die computer sal sê hoeveel en wie.

*(Beweeg intussen deur die afskorting na sy rekenaar toe.)*

Fakse is hoeka al useless en outydse gemors, al wat nou oorbly is om direk innie files te kyk, dans daar g'n gestryery agterna nie. En hierdie keer doen my klerk dit self.

*(Ons vier aankomelinge staan met groot belangstelling die verwikkelinge gade, stamp ongemerk aan mekaar.)*

POORTWAG Ons begin sommer dadelik met die ou vannie mielies ennie pêre!

Benade, sê jy.... ? Kry Benade! Sê vir daai Google ding.

*(Sy slaan op die sleutelbord. Dan pandemonium. Alarm van die rekenaar skel soos vroeër met die Backspace toneel. Enorme effek op almal behalwe op haar en die Poortwag. Hulle verstar net waar hulle staan. Die Poortwag kom niks agter nie.)*

POORTWAG Hiert! Hoe skree so `n Google as jy hom kielie!

Lekkerrrr!

Nouja...Benade.....Herklaas Benade. Komaan, nou's die ding weer morsdood. Komaan.. ! Begin jy nou weer met jou nukke. Wat het jy nou weer verkeerd gedoen? Kan jy dalk sien wat-

*(Kyk in die proses om en sien dat almal morsdood versteen staan, skewe kop, arm, vorentoe, of wat ookal.)*

En as julle nou so laf is? Wat gaat met julle-

*(Gaan staan nader)*

Nou wadde...... ? Issit weer dieselle soos vroeër..?

Jy meddie saaits. Oompie!

*(Vir Klerk*)

Het jy gaan staan en Escape druk?

*(Mimiektoneel. Staan op, stap na hulle toe, gaan staan voor hulle, een vir een, klap met sy vingers, bekyk hulle op en af en heen en weer. Hy probeer op enige manier om hulle aandag te trek. )*

POORTWAG Hierdie computer draai die hele plek op sy kop!

Wat gat aan?

Flerrie word wakker!

Hei Computer! Computer!

Word wakker!

Druk die ander knoppie.....! Die ene van Escape..... Nee!!

Nie Escape nie. Dis die Enter een! Enter ja!

*(En dan die alarm weer. Almal wakker.*

*Nou volg die Toneel van die Verliefdes. Die karakters gaan elkeen sy of haar eie inisiatiewe volg, want ons het nou met die ewige driehoek te doen, eintlik `n seshoek, want die karakters is soos volg droom- en smoorverlief, en volg mekaar met oë en hande en lywe en voete soos net verliefdes kan:*

*Die onderstaande volgorde moet behou word en die karakters moet so op die verhoog geplaas word, bv. van links na regs, dat die domino-effek behou word)*

*Die Slawedrywer op Gerard*

*Gerard op Cherie*

*Cherie op Kilian*

*Kilian op die Gasvrou*

*Die Gasvrou op die Poortwag*

*Die Poortwag en die Klerk op niemand nie.*

*Hulle gaan dan ook in bostaande volgorde reageer. Hande saamgeslaan, in die lug, kniel voor mekaar, enige teatrale of oordrewe cliché aksie sal in orde wees.)*

SLAWEDR Blom van my hart, lied van my lewe. Vir jou my heel beste, my ewige oond. Kom ek bind jou, knoop jou met die kettings van rooiwarm liefde!

GERARD *(Skrik, skreeu beangs) Oe.... Aaaaa! ! ! Help!*

*(Gerard sien vir Cherie en steek in sy spore vas)*

O Vrou van die nag, hoe eensaam, hoe alleen is jy nie!

POORTWAG Hulle't mal geword! Die computer het hulle mal gemaak!

Help!

*(Hardloop na sy telefoon toe)*

Records!

GERARD Hier kom ek, my beminde, ontvang my in jou skoot, want ek weet ek kan, soos `n voetbalspan, vir altyd en altyd, saam met jou, in Maselspoort, in `n modderdam bly 1ê.

CHERIE Jy! Gaan weg! Jy weet nie eers waar's my voorkant nie! Hoekom staan jy nie-

*(Sien vir Kilian raak, verstil, dan droomverlore)*

O Kurtze, my Kurtze.

POORTWAG (*Bel vrugteloos*)

Dissie computer! Records!!

CHERIE Waar was jy al hierdie wrede lange bange jare? Hoe leeg was my hart en my skoot, hoe pynlik nie my nagte, en jy, hoe eensaam dalk op Klapperkop en langs die waters van die magtige Apies. Kom, laat ek jou ontvang.....!

KILIAN (*Skrik en staan bang weg*)

Verskoon tog, jonge dame, ek dink u maak `n fout wat u beslis later in die verleentheid gaan stel. Nee, asseblief, moenie dat ek u -

*(Sy oë val op die Gasvrou)*

Daar is u, o my beminde! Tulpe en roosmaryn in die kamers van my hart, die snare tril, en sing `n lied van verdriet oor al die leë jare sonder jou. Kom my hart, jubel hierdie nuwe lied, vir my en my beminde, op ons koets van liefde; paradyspoort, paradyskloof,

*ontvan*g ons!

POORTWAG (*Probeer nog steeds vrugteloos bel*)

Records! Julle!

GASVROU Werklik voor op die wa! Heeltemal onaanvaarbaar. Die geringste vriendelikheid wat mens betoon en dan word jy beloon met hierdie soort-

*(Sy kry die Poortwag in haar visier, metamorfose, hande op die bors)*

O daar is u, sielsbeminde!

POORTWAG Die ou antie ook! Help! Help!

GASVROU Bewaker teen euwels, beskermer van die onskuld, neem my, ontvang my, vul hierdie leë hart met die vuur en die gloed van jou liefde!

KLERK So mal soos hase, almal van hulle!

Uit hier uit ons kantoor uit.

*(Teen hierdie tyd het die verliefdes mekaar al in die rondte begin jaag.)*

POORTWAG Sluit die deur! Maak gou! As ek net kan deurkom!

Hallo! Hallo!

Issit Computers? Ja man, ek vra mos issit die computerkamer?

Kom dadelik! Dadelik! Lyster Pellie, daarsie nou tyd om.te mors nie. Julle moet reg maak wat julle deurmekaar gemaak het. Almal jaag mekaar hier rond. Nou is dit die staf ook nog. Ou Grote van die Kolekamer vooraan. En Miesies Ha-di-da gaan my nog wragtig hier in my eie kantoor kom rape!

Ja, rape man! Is jy ook al doof. Nee, ek weet g'n wat julle gedoen het nie, behalwe dat toe ek die eerste knop druk om met julle te konnek, toe spring hierdie lot aanmekaar. Ja man, hulle druk mekaar en jaag mekaar en soek mekaar, jy sou sweer dis bronstyd inne kraal! Hoe....?

Watter menu? Moet ons eers innie format bar of kan ons maar net kliek oppie tools? Ok. Ok. Ons kliek sommer dadelik op Undo. Raait!

*(Skel klank van die rekenaar se alarm. Net sekonde of twee. Net soos vantevore versteen almal weer in hulle posisies. Alles doodstil. Die Poortwag kom hoogs ontsenu en verlig agter sy afskorting uit. Toneel van die vorige keer word feitlik herhaal. Poortwag stap tot by 'n paar van die karakters, klap weer met die vingers of hande, geen reaksie. Hulle is almal min of meer in posisies van hulle versteende liefdesbetuigings. )*

Haai Oompie!

Grote... ?

Flerrie...!

*(Gaan staan verdwaasd)*

So `n blerrie computer, hè.

Nes soutpilare wat gepaar het. Maintainance moet iemand stuur, maar die slimste outjie van die slimmes.

Maar hulle moet gou maak!

*(Vir Klerk):*

Probeer weer by Google search.  Sê jy soek vir-

Of wag! Vat daai anner knoppie. Die ene van Enter.
Ja.... ja, hy is iewers. Druk hom!

*(Die rekenaar se alarm weer 'n keer. Hierdie keer langer en baie dringend. En dan skielik ontvries almal.)*

*BYKLANKE: MUSIEK, FANFARE OF IETS*

*(Almal hewige verandering. Almal, insluitende die Poortwag skielik stokkerig, in ‘n dwaal, draai, ’n paar keer in die rondte. Gaan staan.)*

POORTWAG (Teatraal) Die omkeerproses is voltooi. Almal nou op hulle poste om terug te keer na waar hulle hoort. Almal op hulle poste!
Die totale omkeerproses! Uiteindelik.

*(Die ander sewe karakters ewe stokkerig en draai ook met wyd uitgestrekte arms ’n slag in die rondte. Dan beweeg die vier personeellede almal tot aan die eenkant van die verhoog en die ander vier na die anderkant. Die rekenaar het hulle geheel en al in nuwe karakters verander. Een vir een sit die vier personeellede ter gelegenertyd hulle sweetbande op die toonbank neer, sê hulle slotsinne en verlaat die verhoog. Die 4 ander karakters haal dan ook hulle rosekranse af, kry hulle sweetbande as nuwe personeellede op die toonbank, sit dit op en sê hulle versies op voordat hulle ook die verhoog verlaat)*

*BYKLANKE: 'n Beuel of helse ding blaas.*

GERARD (*Hy stap op Slawedrywer af*)
Wie se belt en kettings het jy miskien daar! En my sweep ook nog! Wie dink jy is jy! Gee hier!

*(Gryp die goed van die verdwaasde Slawedrywer af, hang en sit aan en gespe vas wat by kan, ruk en pluk so macho as wat kan kom)*

My faks sê drie van Tygerberg is vir my! Vandag vat ek wat myne is, die is seker.

*(Nou het by die sweep en klap `n slag daarmee)*

Kyk hoe laat is dit al en ek moet hulle voor donker nog inbreek ook!

*(Beweeg van verhoog af, kyk na die Kolekamer onder)*

En die ou vette! Nog steeds net halwe grawe. Wag tot ek by hom kom!

*(Dan af.)*

SLAWEDR *(In sy nuwe rol, vieserig, ruk skouers, hande, ens*. )
Barbaar!

*(Kom met sulke knypboudjies nader)*

Uiteindelik terug studio toe! Hendrikus! Ek kom, hoor. Ek kom, Hendrikus. En ek bring nuwe designs, hoor. Jy sal freak as ek jou

vertel van die mees amazingste lunchtafel waarvan jy nog ooit gehoor het! Absolutely stunning! Ek is nou daar!

*(Hy sweef so half af)*

KLERK (Ook totaal verander)
Bulle en mielies in Ventersdorp vir my! Hingste in Makokskraal! Net wat ek wil hê. Die weegbrug op Oppaslaagte! Langfaan! En die skou in Bloemfontein... ! Grrr!! Ek kom hoor!

*(AF)*

POORTWAG Gegroet Pretoria, gegroet! Uiteindelik sal ek daar wees. Die diep gesprek op `n laatmiddag op die walle van die Apies. Ek voel dit! Die lewensetos van die hoofstad!! Skanskop! Klapperkop!

*(Af)*

GASVROU O Bloemfontein! Mazelspoort! ! `n Opskop is `n opskop is `n opskop! Keer vir julle wickets, julle voetbalmannetjies!
Waar is die kollege se modderbaddens en die agterseat van `n Merc op Naval Hill! En strip by die Sinode.... !

*BYKLANKE: WEER HEERLIKE FANFARE*

*((Stap by Poortwag se kantoor in, Cherie intussen die baas van die plaas)*

KILIAN (Aan Cherie) Juffrou, hier is vier nuwes wat nou net aangekom het. Van Tygerberg af, sê hulle. Lyk maar bietjie rof, moet ek sê. Soek glo al twee dae na hierdie Poort. Wat wil Juffrou hê moet ek vir hulle sê.

CHERIE Bring hulle hier. En kry my hulle files. Dis nog inboek en uitboek en prep en nog regkry vir die onderhoude ook. Ek het nie heeldag tyd nie.

*(Beweeg die kantoor binne en maak deur toe)*

HERKLAAS Dis so `n geskarrel om die tafels reg te kry. Hoe gaan ek ooit klaarkry? My faks sê drie van die vier uit Tygerberg sit vanmiddag aan. Staanders vir die tulpe... ! Waar gaan ek dit kry ...? Haai oe, vandag vat ek weer nie grond nie.

*(Beweeg af deur Paradyskloof se hek. Vir oulaas 'n paar voëltjies wat twiet-twiet)*

*BYKLANKE: GEPASTE SLOTMUSIEK OF FANFARE*

*EINDE*